

AN KRITIESE EVALUERING VAN DIE
SITUASIE-ETIEK VAN JOSEPH FLETCHER

*Verhandeling ingelewer ter ge=
deeltelike voldoening vir die
graad Magister Artium in Bybel=
kunde aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys.*

M.M.E. Nel.

INHOUD

Bladsy

1. INLEIDING	1
1.1 Objek van die studie	1
1.2 Aktualiteit van die onderwerp	1
1.3 Doel van die studie	2
1.4 Noodsaaklikheid van hierdie ondersoek..	2
1.5 Begrensing van die ondersoek	3
1.6 Metode	4
1.7 Werkplan	4
2. HISTORIES	6
2.1 Benaming	6
2.2 Ontstaan en ontwikkeling	7
2.2.1 Filosofiese spore	8
2.2.1.1 Griekse Sofiste	8
2.2.1.2 Skolastiek	9
2.2.1.3 Renaissance	9
2.2.1.4 Humanisme	9
2.2.1.5 Aufklärung	10
2.2.1.6 Eksistensialisme	10
2.2.1.7 Pragmatisme	11
2.2.1.8 Relativisme	11
2.2.1.9 Positivisme	12
2.2.1.10 Personalisme	13
2.2.1.11 Outonomie	13
2.3 Teologiese faktore	14
2.3.1 Sekularisme	15
2.3.2 Wegverklaring van die metafisiese ...	15
2.3.3 God-is-dood etiek	16
2.3.4 Gesagsaftakeling	16
2.4 Wie is die voorstanders van die situa= sie-etiek ?	18
2.4.1 Bekende voorstanders	18
2.4.2 Joseph Fletcher	19

3. SKRIFBESKOUING EN GODSBESKOUING	22
3.1 Skrifbeskouing	22
3.1.1 Gesag van die Skrif as geheel	22
3.1.1.1 Reduksie van die Skrif	23
3.1.1.2 Mens is slegs gedeeltelik ge=	
bind aan die Bybelse bepalings..	24
3.1.1.3 Inlegkunde	25
3.1.1.4 Verwerp die sedelike gesag van	
die Woord van God	25
3.1.2 Gesag van die Wet	26
3.1.2.1 Botsing van pligte	26
3.1.2.2 Verhouding tussen liefde en Wet.	27
3.1.2.3 Jesus openbaar antagonisme teen=	
oor die Wet.....	28
3.1.2.4 Evangelie en Wet	29
3.1.2.5 Wet en vryheid	30
3.2 Godsbeskouing	31
3.2.1 God as Wetgewer verwerp	31
3.2.2 Jesus se uitsprake betwyfel	33
3.2.3 Samevatting	35
4. DIE SITUASIE	36
4.1 Inleiding	36
4.2 Verskillende benaderings vir besluit=	
neming	36
4.2.1 Legalisme	36
4.2.2 Antinomianisme (Libertinisme) ...	38
4.2.3 Situasie	39
4.2.3.1 Slegs een Wet	40
4.2.3.2 <i>Kairos</i> en situasie	42
4.2.3.3 Algemene reëls of <i>sophia</i>	44
4.2.3.4 Situasie en rede	45

4.2.3.4.1	Neo-kasuïstiek	46
4.3	Samevatting	47
5.	SLEGS EEN WET: LIEFDE	48
5.1	Inleiding	48
5.2	Die woord <i>liefde</i>	48
5.3	Slegs die liefde is goed en het waar= de op sigself	49
5.4	Liefde is die enigste beslissende Christelike norm	51
5.5	Liefde en geregtigheid is sinoniem .	53
5.6	Liefde het die welsyn van die naaste ten doel, ongeag of jy van hom hou of nie.....	54
5.7	Die doel heilig die middele	56
5.8	Liefde se beslissing word volgens die situasie gemaak en nie volgens voorskrifte nie.....	58
5.9	Christelike liefde	59
2.10	Samevatting	60
6.	SAMEVATTENDE BEOORDELING.....	62
6.1	Inleiding	62
6.2	Situasie-etiek is 'n potpourri !	62
6.3	Skrifaanpassing en inlegkunde	64
6.4	Sonder God	65
6.5	Die situasie	65
6.6	Geen wette en beginsels nie - slegs wysheide	66
6.7	Die rede verabsoluteer	66
6.8	Die Wet in die etiek	67
6.9	Naasteliefde is primêr	67
6.10	Antinomianisme	68
6.11	Is die situasie-etiek Christelik ...	69
	BIBLIOGRAFIE	71

1. INLEIDEND

1.1 Objek van die studie

Met hierdie studie word gepoog om 'n kritiese evaluering te doen van die situasie-etiek soos dit in die geskrifte van Joseph Fletcher na vore kom.

Hiervoor is dit nodig om aandag aan die persoon van Fletcher te gee, 'n kort historiese aanloop tot die sogenaamde *situasie-etiek* of *nuwe-moraal* te gee, te kyk wat Fletcher se situasie-etiek inhoud en te wys op die noodsaaklikheid en aktualiteit van die onderwerp en die implikasies daarvan uit 'n Christelike oogpunt.

1.2 Aktualiteit van die onderwerp

Die Christen leef vandag in 'n tyd van verandering, weerstand teen die bestaande, rewolusie en omverwerping van reëls en regulasies. Daarbenewens voel die mens van die twintigste eeu dat hy mondig en volwasse genoeg geword het sodat hy vir homself kan besluit wat reg en verkeerd is.

Die situasie-etiek van Fletcher is 'n tipiese voorbeeld van weerstand teen die bestaande dinge. Fletcher (1978, p. 26) sê dan ook dat hy dit veral het teen die legalisme.

Dat Fletcher aandag geniet en dat sy boeke gelees word, daarvan getuig die etlike herdrukke wat sy boek "*Situation ethics*" al beleef het.

Die probleem van die situasie-etiek is baie aktueel, soos wat dit blyk uit die volgende uitsprake:

Lutzer (1974, p. 7): "..... the problem is one of the most pressing, most acute, and most phenomena plaguing Americans

today. A cult of antimorality is destroying society".

Lunn (1967, p. X): "Since 1964, the attack on Christian faith and morals has been pursued with increasing confidence and ever increasing success by the secular New Moralists who are frankly out to destroy both".

Hudson(1970,p.213): "A recent attack on the nation of moral principles has come from a type of ethical theory which purports to show that moral judgments are 'situational' ".

Duvenhage (197 , p. 196):

"Die Nuwe Moraal is juis daarom so skokkend omdat dit met die Skrif in die hand die waarheid van die Skrif verwerp".

1.3 Doel van die studie

Hierdie studie poog om vas te stel wat die inhoud van Fletcher se situasie-etiek is, en of daar enige meriete uit 'n Christelike ooppunt bestaan vir die opvattinge van Fletcher, met ander woorde of dit in ooreenstemming is met die Woord van God.

1.4 Noodsaaklikheid van hierdie ondersoek

Sover vasgestel kan word, is daar nog nie veel, spesifiek oor Fletcher se situasie-etiek, kritiese evaluering gedoen nie. Heelwat tydskrif artikels het al aandag gegee aan sekere aspekte van die situasie-etiek of Nuwe Moraal.¹⁾

1. Byvoorbeeld Van Rensburg, 1973; Kitshoff, 1969; Duvenhage, 197 ? en ander.

Wel het Van Rensburg (19 ?) aandag gegee aan 'n teologies-etiese beoordeling van die situasie-etiek met besondere verwysing na Tillich, Robinson en Fletcher.

Daar word egter dikwels deur skrywers na Fletcher verwys wanneer daar oor die situasie-etiek en die Nuwe Moraal geskryf word. Sommige sien Fletcher as die vader van die situasie-etiek in Amerika. Voorbeelde hiervan is:

Lunn (1967, p. 97): "But this minority is, unfortunately, encouraged in its confusion by words and actions like those of Dr. Joseph Fletcher".

Heyns(1981, p. 25): "As belangrikste eksponente van die situasie-etiek kan veral genoem word: Joseph Fletcher".

Fagothey(1972, p. 154): "More recently it has been popularized by Bishop John A.T. Robinson in England and by Joseph Fletcher in the United States".

Dit is nodig dat daar 'n indringende ondersoek moet plaasvind na die situasie-etiek van Fletcher. Veral omdat hy ook gereken word as 'n Christelike teoloog,² moet daar vasgestel word of hierdie etiese uitgangspunte van sy situasie-etiek nog Skrifgebonde is.

1.5 Begrensing van die ondersoek

Daar sal in die werk slegs gepoog word om aan die hand

2. Barr(1969, p. vii) beskou situasie-etiek as Christelik en sien Fletcher as een van die beste voorbeelde van die voorstanders (1969, p. 117).

van die geskrifte van Fletcher en wat daar oor hom en sy etiek geskryf is, so 'n getroue evaluering as moontlik van sy situasie-etiek te maak vanuit 'n Christelike oogpunt.

Die begrensing van die ondersoek lê daarin dat dit nie om situasie-etiek in die algemeen sal gaan nie (alhoewel 'n historiese oorsig en aanloop gegee sal word), maar wel die van Fletcher.

Daar kan baie dieptesnitte gemaak word in sy etiek soos byvoorbeeld liefdesaspek, die situasie, mensbeskouing, plek van geloof en so meer. Daar sal egter net aan die belangrikste aspekte aandag gegee word.

Omdat die ondersoek evaluerend en krities van aard is, sal daar ook gewys moet word op die konsekwensies van Fletcher se uitgangspunt.

1.6 Metode

Die metode wat gevolg gaan word behels hoofsaaklik bestudering van bronne wat gegewens gee oor Fletcher en die situasie-etiek, maar die hoofbronne is die werke van Fletcher wat sy situasie-etiek propageer.

Daar sal dan so objektief as moontlik 'n ontleding gemaak word van die uitgangspunte van Fletcher soos dit in sy werke na vore kom. Daarna sal die uitgangspunte getoets word aan die waarhede van die Skrif. Daar sal ook vasgestel word of dit enige tendense van die moderne tyd vertoon.

1.7 Werkplan

Na die inleidingshoofstuk sal daar in 'n historiese hoofstuk aandag gegee word aan die wortels, ontwikkeling en ontstaan van die situasie-etiek en die algemene oriëntasie van die standpunt.

Vervolgens sal daar gelet word op die situasie-etiek van Fletcher. Verskillende belangrike inhoudsaspekte van sy etiek sal ondersoek word soos die liefde, situasie, Godsbegrip en Skrifopvatting. Daar sal deurentyd ook gelet word op praktiese implikasies.

Daar sal aan die einde van die werk in 'n laaste opsommende slothoofstuk oorgegaan word tot 'n opsommende, evaluerende konklusie en waardeskatting van die situasie-etiek van Fletcher.

2. HISTORIES

2.1 Benaming

Die benaming *situasie-etiek* het eers na die Tweede Wêreldoorlog sterk op die voorgrond getree (Heyns, 1981, p. 15). Dit is baie moeilik om die term te omskryf of te definieer, want daar kan verskillende nuances van die etiek onderskei word soos filosofies en teologies georiënteerde Situasie-etiek, gematigde en ekstremistiese vorme, asook sekulêre en godsdienstige variasies. Heyns (1981, p. 15) beweer tereg dat daar selfs weersprekende standpunte voorkom in sowel Rooms-Katolieke as Protestantse kringe oor wat die presiese betekenis sou wees.

Die benaming *situasie-etiek* kan misleidend wees, omdat dit volgens die benaming lyk asof dit uitsluitlik die situasie is wat beklemtoon word. Dit is egter glad nie net die situasie wat die botoon voer nie, maar ook aspekte soos liefde en die mens. Om een standpunt te noem, Troost verstaan byvoorbeeld die situasie-etiek so:

"Weliswaar schijnt deze term alle accent te leggen op die 'situatie', ogenschijnlijk dus op een objectieve Stand van zaken, maar dit is slechts schijn. In datgene wat men ho_udt voor situatie-ethiek gaat het voor alles om de dominante betekenis van het persoon-zijn. Het gaat om de betekenis van het persoon-in-zijn-situatie zijn". (1958, p. 263).

Troost (1958, p. 236) gaan verder en sê dat 'n mens hier onder situasie veel eerder "omstandighede" moet verstaan en dan sou 'n mens net sowel kon praat van omstandigheids-etiek.

De Graaf (19 ? p. 66). beweer dat die term *situasie-etiek* 'n teenspraak vorm, want sê hy, etiek veronderstel 'n vaste en 'n veranderende element en as dit slegs om 'n veranderende element gaan, is dit nie meer etiek nie. Volgens Heyns (1981, p. 26) kan voorstanders van die situasie-etiek sê: die konstante is geleë in die liefde.

Die amper meer bekende variante benaming vir "*Situasie-etiek*" is die sogenaamde "*Nuwe moraal*" of "*New Morality*". Kitshoff (1969, p. 934) meen dat die begrip nie in 'n absolute sin opgeneem moet word nie en dat 'n mens veel eerder sou kon praat van "verskuiwings" in die moraal. Die benaming "*Nuwe moraal*" is egter ook nie so nuut nie, want reeds in die negentiende eeu het daar 'n boek van A. de Graaf verskyn met die titel "De nieuwe moraal" (Kitshoff, 1969, p. 934). Dit is duidelik dat die benaming "*Nuwe Moraal*" na 'n heel ander soort etiek as die situasie-etiek kan verwys.

Fletcher self gebruik sowel die term "*situasie-etiek*" as "*Nuwe Moraal*" en dan wel ook in die titels van sy boeke.

* Volgens Heyns (1981, p. 16) is daar ook ander benaminge vir die Situasië-etiek naamlik: *Situasionisme*, *kontekstualisme*, *humanistiese* en *selfs eksistensiële etiek*. Ander praat daarvan as die *God-is-dood-etiek* (Schultze, 1968, p. 7). "*Situasie-etiek*" en "*Nuwe Moraal*" is die mees algemene benaminge. Die term "*Situasie-etiek*" sal egter gebruik word omdat dit meer as die benaming "*Nuwe Moraal*", dui op die inhoud van dié etiek.

2.2 Ontstaan en ontwikkeling

Alhoewel die situasie-etiek onder invloed van baie filosofe staan, het dit eerder 'n godsdienstige as 'n filosofiese ontstaan. Dié etiekrigting as sodanig het eers in Duitsland tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorloë begin posvat. Situasië-etiek is met ander woorde 'n ti-

piese twintigste eeuse rigting. Dit het gekom as 'n versetpoging van sowel die Rooms-Katolieke as die Protestante teen die legalisme, byvoorbeeld Fletcher as Protestant en Troost (1958, p. 12) praat van die verskynsel ook by Katolieke.

Vanaf 1952 het daar lewendige diskussies oor die aan-
gcleentheid gekom. In dieselfde jaar waarsku Pous Pius XII teen die nuwe opvatting van die sedelike le-
we. Hy dui dan die verskynsel met verskillende terme soos *etiese eksistensiaalisme*, *etiese individualisme*, *etiese aktualisme* en dan ook die benaming "*Situations etik*" aan, en beskou hierdie beweging as 'n reaksie (Troost, 1958, p. 12).

Die feit dat Pous Pius XII waarsku teen die nuwe etiese benadering, dui daarop dat die etik verskillend begroet is, nie net deur Rooms-Katolieke nie, maar ook deur Protestante. Naas die wat gewaarsku het, was daar ook die wat gevolg het en selfs met nog nuwer en vreemder idees op die gebied na vore gekom het.

Alhoewel die situasie-etiek gesien kan word as 'n verskynsel van die twintigste eeu, kan baie van die gedagtes en idees teruggevind word in die geskiedenis en veral filosofiese geskiedenis. Maar dit weerspieël ook tendense wat in die Teologie voorkom en staan sterk onder invloed van persone soos Bultmann met sy "*Jesus and the Word*" (Fletcher, 1978, p. 12)

2.2.1 Filosofiese spore

- 2.2.1.1 Heyns (1981, p. 24) se dat alhoewel die term *situasie-etiek* van resente oorsprong is, die saak waarom dit in die Situasie-etiek gaan, veel ouer is, want reeds in die klassieke tyd, die vyfde eeu, het die Griekse Sofiste die mens in die midelpunt gestel en as norm geneem vir handeling en waardes. Veral Protagoras was 'n voorstander hiervan

"Protagoras offered a subjective theory of truth and claimed that man is the measure of all things; he meant or so Plato thought, that what means true to each man is true, that nothing is true or false but thinking makes it so". (Greek philosophy: Thales to Aristotle, 1966, p. 18. Sonder vermelding van bron).

- 2.2.1.2 Spore kan ook teruggevind word by die Skolastiek in in die Middeleeue. Hulle het sekere aspekte vasgelê vir die etiese beoordeling van 'n daad naamlik: "Quis, quid, ubi, quibus auxiliis, cur, quomodo, quando" (Wie, wat, waar, met welke middele, waarom, op welke wyse, wanneer?). Thomas van Aquino ken aan die omstandighede die volle plek toe (Heering, 1977, p. 43. Sonder vermelding van bron). Sy uitgangspunt was dat die omstandighede die daad slegs kan bevorder of belemmer.

Dit dan wat enkele vroeë spore betref van uitgangspunte van die situasie-etiek.

- 2.2.1.3 Na die Middeleeue volg die Renaissance wat 'n reaksie was, en die mens wou red van sy bande, sodat hy 'n selfstandige, denkende, willende en handelende wese kon word. Die Renaissance gryp veral terug na die Klassieke Grieks-Romeinse tyd. Vir Plato was die mens skepper van sy eie waarheid en waarde (Heyns, 1974, p. 18) So vind Fletcher (1967, p. 33; 1978, p. 50) se woorde weerklank: "the ethical view that the highest good, the summum bonum or first value is human welfare and happiness Good is, first and foremost the good of people". Want "value is relative to persons".

- 2.2.1.4 Situasie-etiek staan seker die sterkste onder invloed van die Humanisme, want situasie-etiek is deur en

deur 'n mensgesentreerde etiek. Die Humaniste sien die mens as 'n outonome persoonlikheid wat self sy eie wetgewer is en beslissings in ooreenstemming daarmee kan neem. So glo die humanis in die goeie en vermoënde mens wat alleen sin aan die heelal kan gee. Die mens gee waarde aan dinge (Fletcher, 1978, p. 50). Tillich glo aan 'n humanistiese selfrealisering van die mens (1969, p. 11).

2.2.1.5 Die Aufklärung van die agtiende eeu het voortgebou en gepraat van die totale outonomie en selfstandigheid van die mens. Tydens die tydperk is daar ook besonder klem gelê op die redelike vermoë van die mens en dit word gesien as die tydperk van die sogenaamde "mondigwording" van die mens. Kant is 'n belangrike figuur hier, ook wat invloed op die situasie-etiek betref. Kant stel die outonomie teenoor die teonomie en die moraal word losgemaak van die gebooie (Kitshoff, 1970, p. 935). Die etiek word in die situasie-etiek losgemaak van die Wet van God.

2.2.1.6 Die Eksistensialisme, 'n uitvloeisel van die Humaisme in die twintigste eeu, is die filosofiese stroming wat seker ook baie invloed uitgeoefen het op die situasie-etiek. Daarom, soos Heyns (1981, p. 16) sê, word dit ook soms genoem "eksistensiële etiek".

By die eksistensialisme gaan dit om die mens-hier-en-nou, sonder gebondenheid aan verlede en toekoms. Daarom is daar ook geen ruimte vir oorgelewerde norme en waardes nie. Kitshoff (1970, p. 935) sê daar word telkens vir die nou gekies. Die mens is ook absoluut vry. Van eksistensialiste soos Bonhoeffer en Kierkegaard sê Fletcher (1978, p. 41): "Bonhoeffer was correct in his distaste for metaphysics, as Kierkegaard was in his hatred of systems". Die geldigheid van etiese beginsels hang af van die nou -

"always depends upon the situation". (Fletcher, 1967, p. 32).

- 2.2.1.7 Volgens Fletcher (1978, p. 40-56) self is daar vier beginsels in sy situasie-etiek naamlik pragmatisme, relativisme, positivisme en personalisme. Hierdie vier beginsels van Fletcher is inderdaad strominge in die Filosofie.

Pragmatisme beteken dat dit wat waarde het, nuttig of suksesvol is, nagestreef moet word. Heyns sê: "Die denke staan in diens van die handelinge, en die vraag van die bruikbaarheid is die kriterium vir die waarheid". (1981, p. 15).

Dit gaan by die pragmatisme daarom dat die beginsel moet werk en daarom sê Fletcher (1978, p. 42) ook erg pragmatisties: "To be correct, a thing must work". Die situasie-etiek het dus duidelike pragmatiese trekke en die pragmatiese houding word deurgaans deur Fletcher gevolg (Geisler, 1976 p. 62). Fletcher (1978, p. 40) getuig dan ook soos volg van sy boek "Situation ethics": "In the first place this book is consciously inspired by American pragmatism". Volgens hom laat die pragmatisme geen ruimte vir abstrakte mondelinge oplossings nie, maar soek eerder na praktiese antwoorde.

Nog 'n pragmatiese opmerking van Fletcher (1978, p. 45): ".....and now let it be clear that the situationist whether a Christian or not, follows a strategy that is pragmatic".

- 2.2.1.8 Heyns (1981, p. 15) stel Relativisme soos volg: Teenoor die aanvaarding van absolute waardes of waarheid word die afhanklikheid en betreklikheid van waarde en waarheid in tyd en ruimte gekonstateer. 'n Hiërargie

van waardes in 'n permanente orde van sleg en beter of beste, bestaan nie, maar 'n vloeiende spektrum van waardes afhanklik van wisselende verhoudinge en wisselende betekenis, word aanvaar". Hoe mooi pas die gedagte van wisselende omstandighede nie by Fletcher, se situasie-etiek nie !

Fletcher (1978, p. 43) self sien ook nog 'n beginsel van hom as relativisties en volgens hom is daar net een absolute norm - "In Christian situationisme the ultimate criterion is, as we shall be seeing, agapeic love. It relativizes the absolute, it does not absolutize the relative !" (Fletcher, 1978, p. 45).

Alle ander dinge is vir Fletcher relatief met betrekking tot die liefde. So bou Fletcher (1978, p. 45) in sy etiek voort op die etiese relativisme van Brunner en Niebuhr. Teen hierdie etiese relativistiese trekke van Fletcher se etiek spreek Van Rensburg (1973, p. 360-361) hom sterk uit en meen dat die gevolge slegs verwarring en willekeurige losbandigheid kan wees en dat dit tog uiteindelik moet misluk.

- 2.2.1.9 Positivisme beteken: "Wysbegeerte en wetenskap moet afsien van elke aprioristiese konstruksie en alle metafisiese waarhede en moet hulle hou aan die waarneming en ervaring van kontroleerbare feite". (Heyns, 1981, p. 16). So verwerp die positivistiese ook meestal die metafisiese en sodoende word die bestaan van God ontken.

Volgens Fletcher (1978, p. 47) word die mens se waardes nie afgelei uit die natuur nie, maar besluit die mens self oor sy waardes en volg hy 'n benadering van "teologiese positivisme (of positiewe teologie)". Verder sê hy (1978, p. 47) "Thus Christian ethics 'posits' faith in God and reasons out what obedience

to his commandment to love requires in any situation".

2.2.1.10 Daar bestaan heelwat verskillende opvattinge oor wat die Personalisme inhou (Troost, 1958, p. 251). Volgens die opvatting is daar niks wat inherent waar=de het nie, behalwe die mens, en so word die mens dan ook in die middelpunt geplaas. Van Rensburg (1973, p. 337) sê die personalisme word as 'n onmisbare vereiste vir die nuwe etiek gestel en dit gaan by die nuwe etiek om die persoon in die sentrum van die vraag na die beginsels van goed en kwaad, reg en verkeerd. Verder wil die etiek volgens Van Rensburg (1973, p. 337) ook nog die mens ten alle koste handhaaf en beskerm en daarvolgens het die Situasie-etiek twee funksies naamlik individua=lisering¹ en beskerming. So raak die mens dan veel belangriker as die norm, en veral die geluk van die mens.

Daarom is enige handeling vir Fletcher (1978, p. 135-136) reg wat meewerk tot die geluk van die mens, soos byvoorbeeld die beskikbaarstelling van voorbehoedmiddels en aborsie.

So vat Fletcher (1978, p. 50) dit saam: "Situation ethics puts people at the center of concern, not things. Obligation is to persons, not to things; to subjects, not objects. The legalist is a what asker (What does the law say ?); the situationist is a who asker. (Who is to be helped ?) That is, situationists are personalistic".

2.2.1.11 Outonomie

Die relativering van die norm het tot die gevolg ge=

1. Troost gee 'n siening oor die individualisme van die Personalisme (p. 251, e.v., 1958).

had dat die beginsel van outonomie weer sterk op die voorgrond getree het in die etiek. Volgens die standpunt moet elke mens self besluit of sy optrede reg of verkeerd is en daar is dus geen vaste wette of norme nie. Dit is eintlik maar 'n uitvloeisel van die humanisme wat die mens van God wil losmaak, want die mens is dan nie meer gebonde aan die Wet van God nie, maar aan homself. Daarom sê Van Rensburg (1973, p. 336) dat die slagspreuk van die moderne etiek is soos Robinson (1967, p. 56) dit uitdruk: "Its your decision....."

Fletcher het ook heelwat waarde aan die gewete. Hy (1978, p. 53) spreek hom soos volg uit oor die gewete: "There is no conscience; conscience is merely a word for our attempts to make decisions creatively, constructively, fittingly".

Wat eties goed is, word ook vir Fletcher (1967, p. 33) bepaal deur die persoonsrelasie - "Ethics deals with human relations". Fletcher (1978, p. 51) sluit ook sterk by Kant aan met die volgende opmerking: "Things are to be used; people are to be loved. It is 'immoral' when people are used and things are loved". Die persoon moet met ander woorde altyd as 'n doel gesien word en nooit as middel gebruik word nie. Daarom is sonder vir Fletcher (1967, p. 37) nie oortreding van die Wet van God nie, maar wanneer persone gebruik word.

2.3 Teologiese faktore

Naas invloed wat direk afkomstig is uit die filosofie is daar ook invloed op die situasie-etiek wat meer teologies van aard is, alhoewel daar nog steeds filosofiese invloed mag deurskemer. Daar is egter ook persone op teologiese gebied wat groot invloed uitgeoefen het.

- 2.3.1 Die sekularisme wil alle lewensgebiede losmaak van die Godsgedagte. Hiervolgens kan die mens dan vir homself sorg en bestaan hy in 'n geslote ruimte, weg van buite-wêreldse magte. Sodoende dink die mens dat hy ook nie meer godsdiens nodig het nie en verwerp dit. Omdat die godsdiens as geheel verwerp word, word dit ook as basis vir die etiek verwerp. Sodoende kry 'n mens dan 'n gesekulariseerde etiek waarvan die situasie-etiek 'n voorbeeld is.

Kitshoff (1969, p. 935) se van die sekularisme: "So ontwikkel 'n mens wat maar aanhou marsjeer en geen oorwinning behaal nie; 'n mens getipeer as 'n rebellerende konformis: 'n mens wat ná- Christelik geword het: 'n mens wat by die goeie oue tyd verby is toe God nog ge-loën is - nou is God net nie meer ter sprake nie". Dit hang saam met die idee van 'n God-is-dood teologie en etiek, want dit skyn asof met die sekularisme die Gods-gedagte heeltemal verdwyn het.

- 2.3.2 Wegverklaring van die metafisiese is die gevolg van die mens wat alles met sy rede wil verklaar en homself vergoddelik. Sodoende word ook God weg verklaar. Volgens Robinson is God in die mens en nie buite die mens nie (1972 p. 38, 39). Die mens word sy eie God en wetgewer en so ontstaan die probleem van horisontalisering.

Van Rensburg (1973, p. 336) meen dat die tendens tot die wegverklaring van God as wetgewer reeds voorlopers het in Nietzsche². se verklaring dat God dood is en Sartre³. se beskouing dat om die menslike vryheid te kan handhaaf daar geen plek vir God is nie. Want as God nie bestaan nie, is alles geoorloof.

2. Sonder vermelding van bron.
3. L'existentialism est un humanism, p. 89.

Hierdie anti-metafisiese neiging openbaar dit ook in die Etiek. God word wel nog erken, maar nie as Gewer van wette vir die mens se sedelike lewe nie. Dié etiek wil die norm vir die handeling van die mens in die horisontale, naamlik die mens self gaan soek. Robinson (1967, p. 46) is 'n sterk voorstander van die horisontale etiek - "I just can't imagine an after-life, and it doesn't help much to try". Hy (1967, p. 105) trek die lyn deur na die etiek: "It is impossible to reassess one's doctrine of God of how one understands the transcendent, without bringing one's view of morality into the same meltingpot".

Dié wegverklaring van God en verhorisontalisering maak dit vir die mens moontlik om homself te sien as sy eie wetgewer en dit lei tot outonomie.

2.3.3 God-is-dood etiek

Nietzsche en Sartre was slegs die voorlopers wat verklaar het dat God dood is. Na hulle het nog baie ander gevolg. Kitshoff (1969, p. 45) sê tereg: "Dit wat die gesekulariseerde wêreld beleef, word ook deur die afvallige teologie bely: God is dood, dit wil sê, die ou Godsbegrippe se uitvaart word aangekondig."

Alhoewel Fletcher, nie die bestaan van God ontken nie, erken hy nie die gesag en werking van God op aarde nie. 'n Etiek wat moet gaan om die eer van God, rig dit nou op die eer van die mens. En waar die Bybel dan nog God verkondig, moet dit van sy mites bevry word.

Hierdie God-is-doodgedagte het geweldige invloed vir die situasie-etiek, daarom kan Kitshoff (1969, p. 945) opmerk: Geen wonder dat die uitvaart van die oue God die intog van die nuwe moraal bevorder nie.

2.3.4 Gesagsaftakeling is seker die grootste rede vir die

verwarring wat daar vandag op etiese gebied heers. Etiese kodes het 'n gesagsgrond, maar in die nuwere teologie en etiek word hierdie gesag, veral die Skrif=gesag, afgetakel.

Omdat God sogenaamd dood is, word ook die gesag van die Skrif bevraagteken.

'n Figuur wat geweldige invloed gehad het op die teologiese wêreld is Bultmann⁴. en sy skool, maar ook die neo-Bultmanniaanse skool van Ebeling,⁵. Fuchs en verder Bonhoeffer en Tillich.

Volgens Bultmann (Hasel, 1978, p. 144-148, soos geneem uit *Theology of the New Testament*, 1965) het die Bybel 'n baie sterk historiese verpakking van sy eie tyd en is dit nou die taak van die hermeneut om hierdie historiese verpakking te verwyder. Dit noem Bultmann dan sy ontmitologiseringsprogram van die Skrif; maar in der waarheid is dit eintlik slegs 'n aftakeling van die Skrifgesag.

Duvenage (197 ?, p. 191) maak Barczay in die lyn van Bultmann, vier stellings ten opsigte van die Skrif wat

4. Werke van die outeur is onder andere *Jesus and the Word*. Collins, 1962.
5. Ebeling, G. *The word and Faith*. London, 1963 en *The Word of God and tradition*. Philadelphia, 1968; Fuchs, E. *Zur Frage nach dem historischen Jesus*. Tübingen, 1960 ; Bonhoeffer, D. *Ethics*. SCM Press, 1955/ Collins, 1964 en *Letters and papers from prison*. SCM Press, 1965/ Fontana, 1959; Tillich, P. *Morality and beyond*. Routledge, 1964; *Systematic theology*, 3 v. Nisbet, 1963.

ook agtergrond vorm vir die Nuwe Moraal of Situasië-etiek:

- 1) "Die Offerbarung hat in der Geschichte stattgefunden".
- 2) "Die Offenbarung ist selbst Geschichte".
- 3) "Die Offenbarung ist in der Geschichte vernommen worden".
- 4) "Die Offenbarung wurde in der Geschichte Weitergegeben".

Heyns (1981, p. 25) dui aan dat Fletcher ook sterk onder invloed van Bultmann en Tillich verkeer het.

2.4 Wie is die voorstanders van die situasie-etiek ?

- 2.4.1 Heyns (1981, p. 25) waarsku dat nie sommer enige iemand wat verwantskap met die situasie-etiek toon, beskou kan word as 'n voorstander van die etiek nie; situasie-etiek is inderdaad 'n vermenging van baie gedagtes en idees.

Fletcher (1978, p. 33-34) self noem 'n aantal mense wat hy as voorstanders beskou, hoewel hy erken dat daar ook groot verskille tussen hulle bestaan. In Europa noem hy as voorstanders Brunner, Barth, Bonhoeffer, en Bultmann. In Amerika is dit Niebuhr, Sittler, Gustafson, Lehmann, Kaufman, West, Tillich "and this writer". Ander name wat ook nog soms bygevoeg word, is Buber, Ebner en Griesbach, asook Barczay, Lehmann en, baie belangrik, ook die Brit Robinson.

Robinson van Engeland en Fletcher van Amerika word beskou as die twee grootste voorstanders van die situasie-etiek. In 1963 publiseer Robinson sy opspraakwekkende boek "*Honest to God*" en later "*Christian morals today*". Nog later ook "*But that I cant believe*",

"Verschuiving in de Moraal" en in 1970 "*Christian freedom in a permissive society*". Barczay publiseer ook in 1967 sy "*Revolution der Moral*". Tillich publiseer ook heelwat waarvan "*Morality and beyond*" (1969) seker die bekendste is.

Volgens Van Rensburg (19? , p. 36) wil sommige Robinson beskou as die uitvinder van die "New morality", maar hy wys daarop dat Robinson self sê dat hy 'n navolger van Tillich en Bultmann is maar tog "een van die mees suksesvolle roepstemme tot verandering en vervanging van die ou moraal met 'n nuwe moraal."

Naas Robinson is Fletcher seker ook een van die belangrikste uitbouers van die situasie-etiek. Daar sal nie verder ingegaan word op die ander voorstanders van die situasie-etiek nie, omdat dit nie binne die grense van die werkstuk val nie, en 'n studie van hulle beïnvloeding van mekaar 'n werkstuk op sigself regverdig.

2.4.2 Joseph Fletcher

Joseph Francis Fletcher (die derde met die naam), is op 10 April 1905 te Newark, New Jersey gebore. In 1925 behaal hy op twintigjarige leeftyd die B.A.-graad aan die Western Virginia University. In 1929, vier jaar later, behaal hy die B.D.-graad aan die Berkeley Divinity School. Tydens 1930 is hy student by die Student Graduate School, Yale en tydens 1930- 1932 by London University.

Op 5 September 1982 tree hy in die huwelik te Forest, Hatfield. Uit die huwelik is twee kinders gebore: Joseph Francis en Jane Elizabeth.

Vanaf 1929- 1939 was hy predikant in die Protestant

Episcopal Church van Amerika en dien hy in verskillende gemeentes. In 1939 ontvang hy 'n eregraad van die Kenyon College. Hy het ook eregrade ontvang van Berkeley Divinity School en die Ohio Wesleyan University.

Aanvanklik is hy in 1944 aangestel as professor in die sosiale etiek aan die Episcopal Theological School te Cambridge, Massachusetts, maar daarna word hy besoekende professor in die mediese etiek aan die Universiteit van Virginia.

Fletcher het alreeds in sy leeftyd behoort aan, en leiding gegee in heelwat verenigings en organisasies. Hy was onder andere direkteur van die Institute for Pastoral Care, lid van die World Peace Council, president van die Association of Professors of Social Ethics, direkteur van Cambridge Family Society en ook direkteur van Nation Religion and Labour Foundation.

Fletcher is die skrywer van nege boeke en baie artikels en lesings. Veral twee van sy boeke is in die besonder gerig om sy standpunt van die situasie-etiek weer te gee. In 1966 verskyn "Situation ethics", 'n boek wat groot opgang gemaak het en sedertdien al heelwat drukke beleef het. Hy volg die boek 'n jaar later op met "Moral responsibility". In 1972 verskyn 'n baie interessante boek naamlik "Situation ethics: true or false"; 'n boek wat 'n gesprek van Fletcher en Montgomery oor die situasie-etiek weergee. Uit hierdie boeke van Fletcher blyk dit duidelik dat hy deur en deur 'n profeet van die situasie-etiek is, maar dan ook 'n situasie-etiek met 'n eie unieke Fletcherkleur.

Alhoewel die boeke van Fletcher 'n uiteensetting gee van sy situasie-etiek word sy ongepubliseerde lesings².

2. Ongelukkig was die lesings nie verkrygbaar vir persoonlike insae nie. Lunn verwys na so 'n lesing (1967, p. 94,95).

aan studente en ander gehore ook dikwels deur bronne aangehaal om te wys op die implikasies van die situasie-etiek.

Sien Fletcher (1978, p. 11) self sy etiek as situasie-etiek ? In die voorwoord tot "Situation-ethics" sê hy: "The reader will find a method here, but no system. It is a method of 'situational' or 'contextual' decisionmaking, but system-building has no part in it".

3. SKRIFBESKOUIING EN GODSBESKOUIING

3.1 Skrifbeskouing

3.1.1 Die gesag van die Skrif as geheel

Dit was nog altyd deur alle tye eg Gereformeerd om te sê dat Christelike etiek Skrifgebonde moet wees. Hiermee word bedoel dat die Skrif waarlik die genoegsame, gesaghebbende Woord van God is en dat die mens daaruit leiding kry, ook vir die praktiese lewe. Die Skrif self bevestig sy gesag (Rom. 9:17; Gal. 3:22) Christus het self ook die gesag van die Skrif onderskryf toe Hy in Matt. 5:19 gesê het: "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek en die mense sô leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele". (Vergelyk ook Joh. 10: 35; NGB artikel 5 en 7).

Oor die omvattendheid van die gesag van die Skrif was daar deur die eeue nog min verskil. Daar was wel verskil oor die helderheid en genoegsaamheid daarvan. Daarom het die Reformasie gekom met die uitroep: *Sola scriptura* ! Hierdie standpunt van die Refromasie behoort vandag nog by Protestante te geld. Dit wil egter lyk asof die beginsel besig is om agterweë te raak in die twintigste eeu met die sogenaamde "mondige mens".

Teen die agtergrond van die verandering moet ook Fletcher se situasie-etiek gesien word. Die mens se etiese beskouinge kan nooit losgemaak word van sy geloofsoortuigings nie en by die Christen ook nie van sy Skrifbeskouing nie.

Afgesien daarvan dat Fletcher die Skrif by die lewe van die mens wil aanpas, blyk dit ook dat hy nie kan insien dat sy Skrifbeskouing sy etiek bepaal nie. Dit blyk uit die tweegesprek tussen hom en Montgomery. (1972, p. 62, 63).

Fletcher: "How does it happen that we were assigned to discuss the problem of situation ethics and we find ourselves arguing about exegesis and hermeneutics ? Why all this biblicalist business ?" (Fletcher merk dit op nadat vrae gestel is oor Bybelse interpretasie).

Montgomery: "Perhaps because this has something to do with Christian theology ?" Sou die kern van Fletcher se dwaling dalk hier lê?

3.1.1.1 Reduksie van die Skrif

Teenoor die dwaling van Rome wat iets by die Skrif wou voeg kom Fletcher (1972, p. 13) en die Situasie-etiek wil eerder iets van die Skrif wegneem. Dit wat in die Skrif staan maar vreemd is aan die lewensopvatting en gevoel van die moderne mens, word bloot geëlimineer. So word die inhoud van die Skrif vir die moderne mens aangepas.

Dit blyk duidelik dat Fletcher (1978, p. 26) die Bybel nie beskou as die Woord van God wat deur die Heilige Gees geïnspireer is nie, soos wat dit nog altyd deur die gereformeerde kerke beskou is. Dit is duidelik dat hy die Skrif slegs gedeeltelik aanvaar en dit so ook gebruik by sy etiek: "It goes part of the way with Scriptural law by accepting revelation as the source of the norm while rejecting all "revealed" norms or laws, but the one command - to love

God in the neighbor. The situationist follows a moral law or violates it according to love's need".

Baie voorstanders van die situasie-etiek (soos Thielicke (1955)) aanvaar nog die gesag van die Skrif, maar dan kom die probleem by die Skrifverklaring of Hermeneuse. Ander, soos Robinson (1967, p. 46) gooi die gesag van die Skrif totaal oorboord.

Volgens Fletcher (1972, p. 58) kan niets in die Skrif letterlik opgeneem word nie. Nadat Fletcher in sy gesprek met Montgomery op sogenaamde teenstrydigheid gewys het in Christus se prediking, kom hy tot die volgende vraag: "Are you asking me, as a fellow Christian, to take everything that is recorded in the Gospels as being Jesus' utterance, literally and absolutely ?"

Dit is duidelik dat Fletcher sy verbasing uitspreek dat Montgomery wat 'n Christen is kan glo dat alles wat in die Evangelies staan, die letterlike en onmiskenbare uitsprake van Jesus is !

Fletcher (1972, p. 57; 1972, p. 62) sê ook dat seker uitsprake van Jesus "verdag" voorkom en dat die skrywer Christus se woorde op legalistiese wyse weergee het. Daar moet in gedagte gehou word dat Fletcher sterk onder die invloed staan van Bultmann se ontmitologiseringsprogram.

3.1.1.2 Mens is volgens Fletcher (1978, p. 26) slegs gedeeltelik gebind aan die Bybelse bepalings

Hierdie opvatting blyk veral uit Fletcher se verwerping van die Wet van God en die alleen aanvaarding van die liefdeswet. Al geldende norm vir Fletcher uit die Skrif is die liefde. Diefstal, owerspeling, egbreuk en sovoorts word nie erken as oortreding van Goddelike wette nie.

3.1.1.3 Montgomery (1972, p. 57) beskuldig Fletcher daarvan dat hy ook inlegkunde beoefen in plaas van uitletkunde van die Skrif: "This prior assumption determines your interpretation of the New Testament. You do not arrive at your view because contemporary critical analysis of the New Testament rejects Jesus' remarks on that occasion; there is no question of 'textual weakness' in the passages. In point of fact, if you question those remarks of Jesus, you also have to question in the very same documents the material which you cite in support of your position. You practice what is known theologically as 'eisegesis' instead of exegesis. In other words, instead of getting your theology out of New Testament material, you force your theology into the New Testament and where the Bible doesn't agree, it loses out".

3.1.1.4 Fletcher (1972, p. 15) verwerp die sedelike gesag van die Woord van God wanneer hy sê: I think there are no normative moral principles whatsoever which are intrinsically valid or universally obliging".

By Fletcher word die gedagte van "sola scriptura", "sola vita" gevind. Indirek beweer Fletcher dat die Woord van God nie voldoende antwoorde bied vir die sedelike lewe van die mens nie, daarom moet die mens hom maar na homself wend, soos hy in die situasie is. Dit moet hy gaan meet aan die enigste wat nog vasstaan, naamlik die naasteliefde.

Van Rensburg (19 ? , p. 82) praat van hierdie probleem as die "aanvangsmotief". Daar moet met ander woorde aanpassings in die etiek gemaak word, sodat dit kan aanpas by die moderne mens se behoeftes, want die moderne mens vind die etiese eise van die Skrif vreemd. Na aanleiding hiervan merk Lunn

(1967, p. 11) op: "Hypocrisy begins not only when men fail to practice what they preach but also when they begin to preach what they practice". God se verordeninge moet met ander woorde aangepas word by die gesekulariseerde mens.

Van Rensburg (19 ? , p. 84) merk op dat alhoewel daar gepoog word om die boodskap aktueel te maak, dit nie altyd so geslaagd is nie.

3.1.2 Gesag van die Wet

Dit wil soms skyn asof die teenwoordigheid van die Wet van God in die Skrif vir Fletcher 'n doring in die vlees is, want hoe kan so 'n wet inpas in die lewe van 'n mondige, vrye mens !

As die wet tog nog 'n plek gegee word deur die voorstanders van die situasie-etiek, word dit dikwels geherinterpreteer.

Die situasie-etiekprofeet, Fletcher(1967, p. 14), stel dit duidelik dat daar geen plek vir vooraf geformuleerde wette en beginsels in die etiek is nie. So ontstaan daar by Fletcher ook wanopvattinge oor die verhouding tussen Wet en liefde, Wet en Evangelie, Wet en vryheid en Christus se siening van die Wet.

3.1.2.1 Botsing van pligte

Fletcher (1967, p. 14) maak misbruik van situasies waar botsing van pligte voorkom om sy situasie-etiek te regverdig. Hy skeep 'n president wanneer hy kom met sy argument dat as 'n mens 'n wit leuen kan vertel, 'n mens ook 'n wit diefstal kan pleeg, wit moord en so meer.

Die feit dat daar botsing van pligte in sommige situasies opduik, kom vir Fletcher neer op die onbruikbaarheid van die Bybelse voorskrifte terwyl hy meen dat slegs die beginsel van die liefde oplossing vir sulke situasies kan bied.

3.1.2.2 Verhouding tussen liefde en Wet

Omdat liefde 'n kernpunt van die situasie-etiek is, is die verhouding tussen Wet en liefde (hoe die situasie-etiek dit sien) van groot belang.

Robinson (19 ? , p. 33) meen dat Christus die Liefdesgebood as plaasvervanger vir die Wet gegee het (19 ?p. 33) en daarom is dit twee teenstrydighede.

Fletcher (1978, p. 69) se standpunt verskil nie veel van die van Robinson nie - "Love is, as we have said, a monolithic and jealous standard, a univalent norm. It shoulders aside all other, lesser goods. Christian situation ethics reduces law from a statutory system of rules to the love canon alone". Die liefde vervang dus ook vir Fletcher die Wet. Hierdie agapê liefde sê Fletcher (1978, p. 71) vervul ook die Wet en daarom sal die situasionis slegs beginsels gehoorsaam wat die liefde dien.

Die liefde vervang nie net die Wet nie, dit kan volgens Fletcher (1978, p. 71) selfs in konflik kom daarmee. "But just the same, there can be and often is a conflict between love and law. They cannot be partners, at best love only employs law when it seems worthwhile".

Van Rensburg (19? , p. 93) sê dit is duidelik dat die situasie-etiek gebou is op die fondament van die anti-pole van Wet en liefde "waarby die liefde die

Wet nie alleen relativeer nie, maar ook uitsluit".

Wanneer Fletcher Wet en liefde teenoor mekaar stel, is dit lynreg teen Rom. 13: 8 in. Sou Fletcher maar gerieflikheidshalwe van dié gedeelte en ander gedeeltes in die Skrif vergeet het ?

So verwerp Fletcher (1978, p. 70) ook Matt. 5: 17-18 en weier hy om dit letterlik op te neem - "Literalizers or fundamentalists take these phrases, however inconsistent they are with the rest of the Gospels and with Paul's letters, as a law requiring the law".

'n Baie belangrike aspek is dat die situasioniste onder vervulling van die Wet die opheffing van die Wet verstaan. Van Rensburg (1978, p. 96) wys daarop dat die vervulling eerder dui op vervolmaking.

Kortom, die situasie-etiek wil dus verkeerdelik 'n teenstelling of botsing tussen liefde en Wet leer. Kitshoff (1970, p. 60) stel dit baie mooi: "Daar moet 'n balans bewaar word tussen reëls van buite en liefde van binne".

3.1.2.3 Jesus openbaar antagonisme teenoor die Wet

Hierdie stelling wat Fletcher (1978, p. 17) maak, is 'n tipiese voorbeeld van sy Skrifaanpassing en "inlegkunde". Hy beweer dat sowel Christus as Paulus antagonisties teenoor die Wet was (1967, p. 24). Paulus sou dan glo 'n aanval op die Wet ge= maak het en Jesus sou in opstand gekom het: "Just as legalism triumphed among the Jews after the exile, so, in spite of Jesus' and Paul's revolt against it, ...".

Hierteenoor moet egter duidelik gestel word dat Jesus dit hier het teen die Joodse kasuïstiek en nie teen die Wet as sodanig nie. Fletcher (1978, p. 86) beweer dat Jesus die Wet opgehef het met dit wat opgeteken is in Matt. 12: 1-8, Mark. 2: 23-28 en Luk. 6: 1-5 en dat hy so die liefde verkondig as enigste geldende norm.

"At least the Christ of the Christian ethic leaves no doubt whatsoever that the ruling norm of Christian decision is love: nothing else". Hier moet egter onderskeid gemaak word tussen seremoniële wette, burgerlike wette en die Dekaloog (Brillenburg Wurth, 1948, p. 97). Jesus het dus hoegenaamd nie hier die Dekaloog afgeskaf nie.

Kitshoff (1970, p. 43) beweer die nuwe moraal verwag soms die nakom van Bybelse voorskrifte met wet-tisisme.

3.1.2.4 Evangelie en Wet

Van Rensburg (1970, p. 90) vind by Robinson, sowel as Tillich en Fletcher die suggestie dat Wet en evangelie teenoor mekaar staan en dat die evangelie die Wet vervang het.

Sowel die Wet as die evangelie getuig egter van God se genade, want God sê in die Wet dat Hy die mens liefhet, maar verwag ook dat die mens Hom sal liefhê en gehoorsaam; dus indikatief maar ook imperatief.

In die toestand vóór die sonde se Heyns (1973, p. 45) het mens Wet sonder evangelie, maar ná die sondeval is daar nie net meer die Wet nie, maar ook die evangelie.

Heyns (1973, p. 46) stel hierdie nou verbintenis tussen evangelie en Wet soos volg voor:¹.

Gods handeling:

Ek het jou lief - gawe - indikatief.

Jy moet my liefhê - eis - imperatief.

Só moet jy my liefhê - antwoord - responsief.

Dit is baie duidelik dat Wet en evangelie glad nie teenstrydighede is nie, maar, inteendeel, in noue verband met mekaar staan. Dit is dus nie "onvergeelykbare groothede" soos Robinson (19 ?, p. 37), meen nie, maar "mede-aanvullende groothede" (Van Rensburg, 19 ?, p. 93). So is die evangelie die blye boodskap van verlossing en die Wet is die reël vir die dankbaarheid vir die verlossing.

3.1.2.5 Wet en vryheid

Die spoor van die vryheidsgedagte in die situasietiek kan nagespeur word by die eksistensialis Jaspers.² Jaspers beskou die liefde as die hoogste uiting van menslike vryheid. Nog 'n eksistensialis, Sartre,³ het gevoel dat die wet 'n bedreiging vir die menslike vryheid is (Van Rensburg, 19 ?, p. 10, p. 109).

Hieroor merk Fletcher (1978, p. 51; 1978, p. 82) op:

1. Vir verdere toeligting kyk Heyns, 1973 p. 43 - 49. Daar sal nie verder in die werk daarop ingegaan word nie.
2. Van Rensburg (19 ?, p. 10) volgens Spier, J.M. *Van Thales tot Sartre, Wijsgeeren uit oude en nieuwe tyd*. Kok: Kampen, 1959. p. 202 - 203.
3. Van Rensburg (19 ?, p. 109) volgens Van Niftrik, G.O. *De boodschap van Sartre*. 2e dr. Callenbach: Nijkerk, (s.j.) p. 115.

"Only people can exercise the freedom that is essential in the forum of conscience for decision-making", asook: "The Christian is called to be mature, to live by grace and freedom, to respond to life, to be responsible. This is the vocation of all situationists, most certainly the 'calling' of Christian situationists".

Fletcher vermag dat die mens verantwoordelik sal lewe. Maar is dit verantwoordelik om te sê die mens moet 'n keuse doen van situasie tot situasie? Wat dan van die Wet van God as altyd geldende reël? Hierdie verantwoordelikheid word met ander woorde nooit aan die Wet gebind nie. Die mens is alleen vry wanneer hy wetsgetrou is maar wanneer die mens self wil bepaal en die Woord van God opsyskuif, raak hy weer gebonde.²

Dit is kortliks enkele aspekte van Fletcher se Skrifbeskouing. Fundamenteel lê dwaling daarin dat hy die gesag van die Skrif nie erken nie, en as hy dit nog erken, doen hy verkeerde Skrifverklaring. Duvenage (197? , p. 196) se: "Die Nuwe Moraal is juis daarom so skokkend omdat dit met die Skrif in die hand die waarheid van die Skrif verwerp".

3.2 Godsbeskouing

Daar is nie veel uitsprake in Fletcher se boeke oor hoe hy God sien nie. Daar moet met ander woorde uit ander dinge wat Fletcher sê, afgelei word wat sy Godsbeskouing is. Enkele aspekte van sy Godsbeskouing blyk dan duidelik.

3.2.1 God as wetgewer verwerp

Van die situasie-etiek en God se Wet sê Van Rensburg:³

2. Vir verdere toeligting van die saak van Wet en vryheid, kyk Troost, 1958 p. 264 - 269.
3. Na aanleiding van Nietzsche en Sartre se uitsprake dan God dood is soos deur Van Rensburg genoem (19? , p. 8)

"Hierdie anti-metafisiese (immanentristiese) tendens word onteenseglik ook in die moderne situasie-etiek aangetref. Weliswaar word God nie as dood verklaar nie, maar die funksie van God as Wetgewer vir die mens se morele handeling, word ten sterkste ontken".

Sodoende word die wetgewer in die mens self gesoek. Omdat God Wetgewer is, moet die vertikale band tussen God en mens verbreek word. Dit lei tot horisontaliserings omdat die norm vir die etiese gedrag op die aardse menslike vlak gesoek word.

'n Mens wil byna sê dit gaan in die situasie-etiek om die 'mondige' mens en 'n God wat nie voldoende wetgewing het vir die situasie nie. Die mens glo waar God sogenaamd te kort skiet om voorsiening te maak vir die situasie, kan die 'mondige'⁴ mens nou help.

Die vraag is of die voorstanders van die situasie-etiek God hoegenaamd nog nodig het. Bonhoeffer (1968, p. 123) van die mondiggeworde mens: "De mondig geworden mens heeft geen religie. 'God' als werkhypothese, als stoplap bij ons falen is overbodig geworden ...".

Die probleem lê egter nog dieper want as die situasie-etici nie die Wet van God in die lewe van die mens wil aanvaar nie, gaan dit ook om die gesag van die Skrif wat in gedrang kom. Omdat die etici die gesag van die openbaring in die Skrif weerstaan, is hul Godsbeskouing ook verwronge, veral waar dit om God as Wetgewer gaan.

4. Bonhoeffer gee aan die begrip "mondige" mens beslag, volgens Van Rensburg, 1972, p. 9, Sonder vermelding van bron.

Duvenage (197 ?, p. 196) sê: "Sodra God tog funksioneel in diens van die mens gestel word, is Hy nie mer God nie, maar onpersoonlik die Grond van die bestaan. En dan kan die wil van God nie meer aan die mens as etiese behore voorgehou word nie".

Tog erken situasie-etici soos Fletcher God ook as meer as net die Grond van die menslike bestaan en sien hy God ook as oorsprong van die liefde. "The Christian does not understand God in terms of love; he understands love in terms of God as seen in Christ". (Fletcher, 1978, p. 49).

Fletcher (1978, p. 51) beskou die uitdrukking "geskape na die beeld van God" soos hy dit verduidelik so: "In Christian situation ethichs, there is also a theological Side to personalism, since God is 'personal' and has created men in his own image - imago Dei. Personality is therefore the first - order concern in ethical choices".

3.2.2 Jesus se uitsprake betwyfel

In sy tweegesprek met Montgomery sê Fletcher (1972, p. 55) baie kras dinge oor Jesus en openbaar hy hom in 'n groot mate as behorende tot die histories krietiese skool.

Montgomery: "..... You do with Jesus what Luther said some of the scholastics did with the Bible just before the Reformation: you turn him into a wax nose that can be twisted in any direction. Where he doesn't agree with your teaching on love, he falls by the way side. What kind of obligation do you feel to accord yourself with the approach Jesus takes on ethical matters ?"

Fletcher: "You speak as if there were a simple consensus and a rather obvious one about what Jesus said and thought and intended. And this is just not true. And I have to say in all candor that when I examine the Gospel account of Jesus' teaching in the light of our question, the first thing that strikes me is that he said nothing directly or even implicitly about it one way or another. Jesus was 'n simple Jewish peasant. He had no more philosophical sophistication than a guinea pig, and I don't turn to Jesus for philosophical sophistication".

So meen Fletcher (1972, p. 57) is ook Jesus se leer oor die egskeiding "verdag".

Dit blyk dus duidelik uit die uitsprake van Fletcher dat hy Jesus se leringe meestal verwerp, behalwe as dit hom pas. Daar is veral twee dinge wat hy sogenaamd aanvaar van Jesus:

- i) Dat Jesus teen die Wet was (Fletcher, 1978, p. 26; 1967, p. 24).
- ii) Jesus is die verlosser (Fletcher, 1972, p. 63).

Die feit dat hy sekere dinge van Jesus aanvaar, gee grond vir die beskuldiging van Montgomery (1972, p. 56-57): "...In stead of getting your theology out of the New Testament material, you force your theology into the New Testament and where the Bible doesn't agree, it loses out".

Maar Fletcher (1972, p. 78) sien Jesus ook as die model vir die liefde: "I would say that I find in the Christ event⁵ and in the life and teachings of Jesus a

1. Die vraag wat McClurg (Fletcher, 1972, p. 77) hier aan Fletcher gestel het, en waarop hy antwoord, was: "Does the cross event and subsequent resurrection have any purpose in your morality? If so, Why? ...then what purpose or use is the life of Christ?"

paradigm or model of love and in terms of the Johannine proposition *ho Theos agape estin* (God is love) I'd say that for me as a Christian situationist, the use (was that the phrase ?) of Jesus, the value, purpose or use in the life of Christ was that he is the exemplar, he is the very model, he is the most. He is what I mean by love but in this context (the ethical one), I'd say that the most immediate bearing of the Jesus figure, if we may express it, is that of paradigm, model, example thats it".

Vir Fletcher is Jesus dus die volmaakte voorbeeld van liefde, maar selfs hierdie "voorbeeld" van Jesus gebruik Fletcher willekeurig wanneer hy sê dat Christus teen die Wet was, want Christus het die Wet vervul, en het Hom slegs uitgespreek teen onder andere die Wettisisme van die Fariseërs.

3.2.3 Samevatting

Dit blyk duidelik dat daar ook by Fletcher soos by ander situasie-etici 'n willekeurige hantering van die Skrif bestaan, maar ook 'n willekeurige beskouing oor God en Jesus. Soos vroeër vermeld is van wat Montgomery gesê het, is dit waar dat Fletcher sy teologie in die Nuwe Testament inforseer en so ook sy situasie-etiek.

4. DIE SITUASIE

4.1 Fletcher(1978, p. 17; 1972, p. 18-19) beweer dat die grootste probleem waarmee die mens in die etiek te make het, 'n metodologiese probleem is: Hoe kan 'n mens te wete kom wat om in 'n bepaalde situasie te doen ? Dit gaan dus nie vir Fletcher so seer om 'n sistematiese etiek nie maar eerder om 'n etiese sisteem en dan 'n spesifieke werkmetode, naamlik: "a method of situational" of " contextual" besluitneming. Daarom ook Fletcher (1978, p. 11) se vyandigheid teenoor 'n sistematiese etiek. Hy sê:

"There may be a system of philosophical ethics, there can never be a system of Christian ethics, at least if it is true to its nature".

verder:

"Jesus had no ethics" (Fletcher, 1978, p. 12).

Die situasie neem dus by Fletcher se etiek 'n baie belangrike plek in en hy gebruik baie voorbeelde van situasies om sy standpunt te probeer regverdig.

4.2 Verskillende benaderings vir besluitneming

Volgens Fletcher (1978, p. 17) is daar slegs drie benaderinge wat gevolg kan word om 'n etiese besluit te neem:

1. Legalisme.
2. Antinomianisme.
3. Situasieisme.

4.2.1 Legalisme

Volgens Fletcher is dit die benadering wat tot dusver in die geskiedenis die meeste voorgekom het, maar hy staan baie vyandig teenoor hierdie benadering en enige heteronome norme wat as absolute beginsels moet geld.

Fletcher (1978, p. 18) sê pront-uit dat situasie-etiek kom as 'n verset teen die legalisme wat elke besluit benader met "prefabricated rules and regulations. Geisler (1976, p. 61) noem die Farisieërs na die Makkabeërtyd in die Nuwe Testament as voorbeeld van beoefenaars van sulke legalisme. Hulle het tussen 613 en 621 wette gehad. Fletcher noem egter as voorstanders die Judaïsme die Katolieke en Protestante. Volgens hom (1978, p. 29) lê hulle te veel klem op die letter van die Wet. Fletcher (1978, p. 21) onderskei twee vorms wat legalisme in die Christelike tradisie aangeneem het.

1. By Katolieke met hulle gedagte van natuur en genade en waar die rede ook ter sprake kom .
2. By Protestante wat weer in die plek van die natuur die Skrif en openbaring stel.

Fletcher (1978, p. 21) sê van die twee vorme verder: "One is rationalistic, the other Biblicistic; one natural, the other Scriptural. But both are legalistic".

Fletcher se veroordeling van wat hy as legalisme beskou is baie skerp. Hy (1978, p. 20) sê dat hulle wat legalisme voorstaan, "have lost touch with the headaches and heartbreaks of life". Hy noem die voorbeeld van homoseksueles wat in die Middeleeue verbrand is.

De Bruyn (19 ?, p. 13) sien die legalisme opsommenderwyse so: "Hier word die situasie waarin 'n besluit geneem moet word, tegemoet gegaan met 'n stel voorafvervaardigde reëls en regulasies waarin bepaal word hoe om in enige moontlik voorkomende situasie op te tree. Hier het ons dus te doen met kasuïstiek in sy uiterste vorm".

4.2.2 Antinomianisme (Libertinisme)

Soos die benaming aandui, bestaan daar by hierdie benadering hoegenaamd geen wette wat in ag geneem word nie, en dit gaan ook teen alle wette in. Alleen die daar en nou spreek. (Fletcher, 1978, p. 22).

Fletcher (1978, p. 22) sê die term *antinomianisme* is die eerste keer deur Luther gebruik om Johannes Agricola se standpunte te beskryf. Verder, se Fletcher (1978, p. 22) kom hierdie antinomianisme ook later voor by die Anabaptiste, Puriteine en Wesley se navolgers. Hy meen ook dat Paulus daarmee te doen gehad het in I Kor. 6:12-20.

Fletcher (1978, p. 23) beweer (tereg ook) dat daar verskillende variasies van die antinomianisme onderskei kan word. Daar is onder andere die Libertinisme wat glo dat wanneer 'n mens deel geword het van die nuwe lewe in Christus, dan is reëls en wette nie meer nodig nie. Die Gnostisiste maak weer aanspraak op sogenaamde spesiale kennis en beweer dat die mens op grond daarvan sal weet wat die regte is om te doen. Ander doen weer 'n beroep dat die Heilige Gees aan die mens sal sê wat die korrekte optrede is. Maar heel ironies is dit dat Fletcher hier ook die eksistensialistiese benadering van Sartre noem as antinomianisties, terwyl Fletcher self sterk eksistensialistiese trekke openbaar. Waar Sartre alle wette verwerp, verwerp Fletcher almal, uitgesonderd die liefde; maar ook die liefde is ondergeskik aan die situasie. Fletcher (1978, p. 24) staan dan ook minder afwysend teenoor die antinomianiste as wat hy teenoor die legalisties staan.

Dit kom by die antinomianisme daarop neer dat die mens vry wil wees van alle wette en reëls. Selfs die wet

van die liefde word nie eers aanvaar nie.

4.2.3 Situasionisme

Fletcher (1978, p. 29) sê daar kan verskillende benaminge gegee word vir hierdie benadering "*situationism, contextualism, occasionalism, circumstantialism* *evan actualism*". Vir Fletcher lê die situasionisme tussen legalisme en antinomianisme en van hierdie middeweg sê hy (1978, p. 26): "The situationist enters into every decisionmaking situation fully armed with the ethical maxims of his community and its heritage, and he treats them with respect as illuminators of his problems. Just the same he is prepared in any situation to compromise them or set them aside in the situation if love seems better served by doing so".

Fletcher (1978, p. 26) verwerp skynbaar nie alles van die legalisme nie, want, sê hy: "Situation ethics goes part of the way with natural law, by accepting reason as the instrument of moral judgment of moral judgment, while rejecting the notion that good is 'given' in the nature of things, objectively. It goes part of the way with Scriptural law by accepting revelation as the source of the norm while rejecting all 'revealed' norms or laws but the one command - to love God in the neighbor".

Dit was Fletcher se standpunt oor sy etiek; Geisler (1976, p. 62) vat die situasionisme soos volg saam: "The situationist has one law (agapē love), many general rules (sophia) which are more or less reliable, and the kairos or particular moment of decision in which the responsible self in the situation decides whether the sophia can serve love, there or not".

4.2.3.1 Slegs een wet

Geisler (1976, p. 60) toon die groot verskil tussen legalisme, antinomianisme en situasie-etiek soos volg aan: "The antinomians have no laws, the legalists have laws for everything, and Fletcher's situationism has only one law". Op grond hiervan noem Geisler Fletcher se etiek 'n "one-norm absolutism", maar hy (1976, p. 60) beweer ook dat Fletcher tog neig na die antinomianisme.

Fletcher (1978, p. 32) voer twee redes aan waarom daar slegs een algemene norm moet wees:

- 1) Anders sou algemenes van algemenes afgelei moes word wanneer 'n "middle axiom" toegepas word.
- 2) Situasies verskil so baie dat die vraag ontstaan of wat vir een situasie geld, ook vir 'n ander kan geld.

Vir Fletcher (1978, p. 28) is die een wet wat vir alle situasies kan geld, die liefde (agap  ). Dit is vir hom die summum bonum en dit vat die hele Tien Gebooie saam in die gedagte van verantwoordelik handel in die liefde.

Dat die liefde vir Fletcher (1978, p. 30) die een besondere wet is, blyk uit die volgende uitsprake:

"As we shall see, Christian situation ethics has only one norm or principle or law (call it what you will) that is binding and unexceptionable, always good and right regardless of the circumstances. That is 'love' - the agap   of the summary commandment to love God and the neighbor. Everything else without exception, all laws and rules and principles

and ideals and norms, are only contingent, only valid if they happen to serve love in any situation".

Hierdie liefde wat dié wet is, hou dan veral naas=
teliefde in. Fletcher (1978, p. 26, 55) sê 'n mens
het God lief in die naaste.

Fletcher verskil dus van die eksistensialiste soos
Sartre daarin dat hy tog een wet het wat altyd geld:
naamlik die liefde. Daarom is liefde so belangrik
in die situasie-etiek. Fletcher sê (1978, p. 31)
situasie-etiek is 'n "strategy of love".

Maar wat dan van nie-Christelike situasie-etiek ?
Volgens Fletcher (1978, p. 31) is daar inderdaad ook
nie-Christelike situasie-etiek, en in so 'n geval sal
daar in die plek van die liefde 'n ander summum bonum
gestel word.

Fletcher wil alle norme en beginsels tot slegs die
liefde relativeer en daarvoor soek hy sy begronding
in Rom 13: 8: "Wees aan niemand iets skuldig nie,
behalwe om mekaar lief te hê". (Van Rensburg, 1972, p. 60).
Daarom spreek Fletcher (1978, p. 33) hom
ook soos volg uit: ".....in situation ethics even
the most revered principles may be thrown aside if
they conflict in any concrete case with love",
en verder:

"It holds flatly that there is only one principle,
love, without any prefabricated recipes for what
it means in practice, and that all other so-called
principles or maxims are relative to particular,
concrete situations !" (Fletcher 1978, p. 36).

In sy tweegesprek met Montgomery benadruk Fletcher
(1972, p. 17) weer die één wet: ".....my own re=
ply is good and first-order value, the primary

consideration to which in every act so far as we have the opportunity and the ability to make a rational analysis, we should be prepared 'in the crunch' to sidetrack or subordinate other value considerations of right and wrong and good and evil, desirable and undesirable".

4.2.3.2 "Kairos" en situasie

Net soos Tillich en Robinson (1969, p. 88; 19 ? p. 89) kom die woord "kairos" of te wel "tyd" ook by Fletcher voor (1978, p. 33). Van Rensburg (19 ? , p. 111) sê die kairos is "die regte oomblik van beslissing vir die liefde in daardie betrokke situasie". Daarom sê Tillich (1969, p. 89) : " Love, realizing itself from kairos to kairos, creates an ethic that is beyond the alternatives of absolute and relative ethics".

So moet die liefde in die situasie besluit wat reg en verkeerd is. Fletcher (1978, p. 27) sê die mens se verpligtinge hang van die situasie af, is met ander woorde relatief tot die situasie en wanneer so 'n verpligting in 'n situasie opduik, is dit absoluut ! Nou aansluitend hierby is ook Fletcher (1978, p. 26) se volgende opmerking oor die situasie: "His decisions are hypothetical, not categorical. Only the commandment to love is categorically good". Omdat die situasie wat 'n veranderlike element is, 'n rol speel, is dit hipoteties en die geldigheid van etiese beginsels hang van die situasie af.

'n Probleem wat egter opduik, is dat dieselfde situasie vir verskillende mense verskillende betekenisse mag hê. De Vos (1972, p. 94) noem die sprekende voorbeeld van die Samaritaan, priester en leviet uit die gelykenis. Verder sê hy (1972, p. 95):

"Echter de situasie op zichzelf stelt geen vraen, dat doet de mens, met en vanuit zijn zedelijk normbesef". Hy sê dus met ander woorde dat 'n situasie nooit los gemaak kan word van die mens en sy sedelike besef nie, maar ook nie van die omgewing nie (Heering, 1977, p. 45). Troost¹ gaan in op die verskil tussen "situasie" en "omstandighede".

Heering (1977, p. 47) vra egter ook nog die vraag of die situasie en die moontlikhede altyd bepaalbaar is. Hy (1977, p. 48) sê: "Het wordt duidelijk, dat het ethos in de situatie en door haar heen eboden wordt, maar niet uit haar kan worden afgeleid". Teenoor Heering sê Fagothey (1972, p. 155) net soos Fletcher: "Morality is not intrinsic to acts, but an extrinsic addition they acquire from the situation There are therefore no kinds of acts that are intrinsically or of their own nature good or evil".

Niks is volgens Fletcher (1978, p. 53, 54) op sigself goed of sleg nie. Goed en sleg word in die kairos bepaal. ".....the rightness or the wrongness of anything we do is extrinsic, relative, and dependent upon the circumstances, so that to have an abortion out of loving concern for everybody's best interests involved is not an excusably evil thing to do, but a good thing to do". Wat in een kairos-situasie reg is, gaan nie noodwendig nog in 'n ander kairos-situasie reg wees nie. Verder, omdat die persoon in die situasie die besluit neem, beteken dit outonomie, antinomianistiese vryheid (Van Rensburg, 1977, p. 112), subjektivisme en selfs anargie (De Bruyn, 1977, p. 20).

Oor die beginsel van etiek vir die situasie is die Skrif nie heeltemal afwysend nie, maar dan nie 'n

1. Kyk p. 243 vir verdere besonderhede.

situasie-etiek soos die van Fletcher nie. So 'n voorbeeld is Deut. 19 van die gebod: Jy mag nie doodslaan nie. (De Bruyn 19 ?, p. 112).

4.2.3.3 Algemene reëls of *sophia*

Geisler (1976, p. 62) sê die situasionis het "many general rules (*sophia*)". Fletcher (1978, p. 27) sien 'n euwel in die volgende : "in deducing particular laws from a universal law", net soos Brunner. Soms is Fletcher nie heeltemal so kras nie en dan gee hy aan die situasie 'n plek naas die algemene norme of wette wanneer hy (1978, p. 29) byvoorbeeld sê: "that in actual problems of conscience the situational variables are to be weighed as heavily as the normative or 'general' constants".

Uiteindelik word dit duidelik dat Fletcher nie veel van beginsels, norme en wette dink nie. Dit blyk uit die volgende uitsprake:

"there are times when a man has to push his principles aside and do the right thing". (Fletcher, 1978, p. 13).

"Noah, you're so full of what's right you can't see what's good". (Fletcher, 1978, p. 13)². Soos aangehaal van Nash, N.R. *The rainmaker*. Bantam Books, 1957, p. 99).

Watter nut het beginsels en norme dan ? Volgens Fletcher (1978, p. 31) is beginsels en norme slegs "illuminators", verligters en het hulle hoegenaamd geen gesag vir beslissing nie. Hulle is met ander woorde nuttig as algemene wysshede, soos die begrip "*sophia*" in Grieks aandui, maar is geen "directors"

2. Fletcher (1978, p. 13) vertel van 'n insident waar dit die woorde van 'n taxibestuurder is en hy sê hierdie taxibestuurder is die held van sy boek !

(Fletcher, 1978, p. 31) nie.

Fletcher (1978, p. 33) verstaan onder die 'sophia' of wysheid sekere reëls van die kerk en samelewing of kultuur en sy beswaar is hier dat die legalisme die 'sophia' verafgod terwyl die antinomianisme dit verwerp en hy verkies om dit te "gebruik" (Fletcher, 1978, p. 33).

Beginnels is nuttig wanneer hulle nie reëls word nie en wanneer hulle nie in stryd is met die liefde nie.

"It is necessary to insist that situation ethics is willing to make full and respectful use of principles, to be treated as maxims but not as laws or precepts. We might call it principled relativism" (Fletcher, 1978, p. 31). Fletcher (1978, p. 32) verwys ook na beginsels en norme as "middle axioms". Daarin is hy 'n duidelike navolger van veral Temple. Hierdie "middle axioms" is nie wenslik nie, omdat dit maar net afleidings is van die groot algemene wet van die liefde en nie vir alle situasies kan geld soos die liefde nie (Fletcher, 1978, p. 62). Fletcher (1978, p. 31) sê ook: Love is for people, not for principles".

4.2.3.4 Situasie en rede

Wat die rede betref, erken Fletcher (1978, p. 26) dat hy in 'n mate aansluit by die legalisme van die Rooms-Katolieke: "Situation ethics goes part of the way with natural law, by accepting reason as the instrument of moral judgment".

Dit wil soms lyk asof die rede 'n baie belangrike plek naas die liefde indie situasie inneem: "Situation ethics on the other hand, calls upon us to

keep law in a subservient place, so that only love and reason really count when the chips are down !" (Fletcher, 1978, p. 31).

De Bruyn (1978, p. 20) sê aangaande die rede by Fletcher dat 'n mens ook hier die gevaar het van subjektivisme, maar gepaard gaande met rasionalisme, want die rede word losgemaak van die Woord van God.

4.2.3.4.1 Neo-kasuïstiek

Fletcher (1978, p. 29-30) erken self 'n ooreenkoms tussen sy situasie-etiek en die kasuïstiek: It is 'casuistry' (case-based) in a constructive and non-pejorative sense of the Word. We should perhaps call it 'neocasuistry'. Like classical casuistry it is case-focused and concrete, concerned to bring Christian imperatives into practical operation. But unlike classical casuistry, this neocasuistry repudiates any attempt to anticipate or prescribe real-life decisions in their existential particularity".

Die ooreenkoms lê in die vraag wat om in die konkrete situasie te doen, maar die verskil lê daarin dat die situasie-etiek nie soos die kasuïstiek ware lewensituasies beskryf in hul besonderheid nie.

Fletcher wend hom dan na Paulus en sê dat die "neocasuistry" met twee van sy beginsels werk naamlik:

"The written code kills, but the Spirit gives life" (2 Kor. 3:6).

"For the whole law is fulfilled in one word, You shall love your neighbor as yourself" (Gal. 5:14).

Fletcher se situasie-etiek kan met reg, soos hy wil aandui, as neo-kasuïstiek gesien word.

4.3 Samevatting

1. Fletcher beskou sy uitgangspunt as situasie-etiek, 'n skynbaar goue middeweg tussen legalisme wat wette vir alles het, en die antinomianisme wat geen wette het nie.
2. Die situasie-etiek van Fletcher het slegs een Wet en eis wat altyd geld, naamlik, die liefde (agapē) maar dan veral die naasteliefde van die samevatting van die Wet.
3. Die situasie neem by Fletcher 'n baie belangrike plek in, want die mens vergestalt die liefde van situasie tot situasie.
4. Beginsels, norme (selfs die volle Wet !) is vir Fletcher slegs algemene reëls of wysshede wat bloot moet dien as "verligters" en dus geen normatiewe betekenis het nie. Dit is onderworpe aan die situasie, die liefde en die rede.
5. Naas die liefde is ook die rede deurslaggewend in die situasie. Dit is egter rede los van die Skrif. Die verstand lê die verband tussen liefde en situasie.
6. Fletcher beskou sy situasie-etiek as neo-kasuïsties.

5. SLEGS EEN WET: DIE LIEFDE

5.1 Inleiding

Dat die liefde 'n besondere plek het in die situasie-etiek van Fletcher is nie te betwyfel nie.¹ Eenvoudig maar skerp som Van Rensburg (1973, p. 348) die plek van die liefde by Fletcher op: "Die liefde is die inderlike kompas wat die mens lei om sy optrede in elke situasie te bepaal. Solank as die mens optree in gehoorsaamheid kan die gebod van aanvaarbaar wees. Só word die liefde dan die enigste vasstaande wet wat algemeen geldend is en daarom gehoorsaam moet word. Indien die liefde dit vereis, sou die oortreding van die wet toelaatbaar wees".

Self sê Fletcher (1972p. 17) van die liefde: ".....love is the summum bonum, the highest good and first-order value, the primary consideration to which in every act so far as we have the opportunity and the ability to make a rational analysis, we should be prepared 'in the crunch' to sidetrack or subordinate other value considerations of right and wrong and good and evil, desirable and undesirable".

In die voorwoord van "*Situation ethics*" probeer Fletcher 'n omskrywing gee vir die woord *liefde* - dit verdien aandag. Maar wat baie belangrik is, is dat die ses stelling, veral vyf daarvan wat Fletcher in die boek maak, ten nouste aan die liefde verbind is.

5.2 Die woord *liefde*

Vir Fletcher gaan dit hier om die benaming *liefde* soos dit ook in die Nuwe Testament voorkom en uitgedruk word met die woord "*agapē*".

1. Vergelyk Heyns, 1981, p. 17; Fletcher self 1978, p. 31.

Fletcher (1978, p. 15) wys daarop dat die woord *liefde* 'n baie gelade woord is wat semantiese verwarring kan veroorsaak. Hy noem verskillende betekenisse wat liefde kan hê.

Maar hy (1978, p. 15) verkies die benaming *liefde* en sê: "The temptation is to drop the word 'love' altogether in Christian ethical discourse to use only the New Testament word *agapé* (as Tillich has proposed), or to hyphenate it with a C for Christian (C-love), or something of the kind. I appreciate the difficulty in using the simple word, but in this book I have kept it with some explanation".

5.3 Slegs die liefde is goed en het waarde op sigself

Fletcher meen tereg dat dit in enige etiek om die bepaling van die waarde van 'n saak gaan. Maar dan moet die mens homself afvra of die beginsels van goed en kwaad intrinsiek of ekstrasiek is (Van Rensburg, 1978, p. 65). Met ander woorde: het iets in homself waarde, of moet dit van buite aan hom toegeken word? Fletcher, kom tot die konklusie dat niks op sigself waarde het nie, behalwe as dit God of die naaste bevoordeel; met ander woorde, waardes bestaan net in verhouding tot persone. Fletcher (1978, p. 60) sê dan waardes, etiese kwaliteite, goed en sleg, reg en verkeerd is nie waar of selfbestaande nie. Onomwonde stel hy dit: "Value, worth, ethical quality, goodness or badness, right or wrong - these things are only predicates, they are not properties. They are not 'given' or objectively 'real' or self-existent".

Dan kom Fletcher (1978, p. 61; 1978, p. 62) met 'n baie belangrike uitspraak, dat alleen een ding, naamlik die liefde op sigself goed is en dit is nie iets

wat die mens is of besit nie, maar wat hy doen.

"Love is the only universal. But love is not something we have or are, it is something we do When we say that love is always good, what we mean is that what=ever is loving in any particular situation². is good!"
Alleen God is liefde.

Telkens gebruik Fletcher voorbeelde om sy standpunt toe te lig soos dit ook hier die geval is. Om te bewys dat die liefde waarde opsigself het, gebruik hy die voorbeeld van 'n soldaat wat gevange geneem is, nie mag selfmoord pleeg nie, maar ook nie geheime mag verklap nie. Fletcher sê dat deur selfmoord te pleeg hy sy kamerade beskerm en dit is die hoogste daad van liefde wat in die situasie tot openbaring kom. Hy sê verder ook dat om iets van iemand weg te neem, is nie noodwendig diefstal nie; want om byvoorbeeld 'n geweer by 'n potensieële moordeaar af te neem is 'n daad van liefde.

Fletcher (1978, p. 66) spreek hom sterk uit teen die legaliste wat die waarde in die daad op sigself wil sien.

"The backbone of all legalism is the notion that value (good or evil) is a property 'in' our actions".

So verwerp Fletcher (1978, p. 68) soos hy sê die intrinsieke teorie van die legalisme en stel slegs liefde as dit wat op sigself waarde het. "But it is all wrong at the very start: the intrinsic theory of goodness is what the Greeks called the *prōton pseudon* - the basic mistake of the legalists. No law or principle or value is good as such - not life or truth or chasti=

2. Die liefde se realisering word hier duidelik verbind aan die situasie.

ty or property or marriage or anything but love.³.
Only one thing is intrinsically good, namely, love:
nothing else at all".

5.4 Liefde is die enigste beslissende Christelike norm

Met hierdie tweede stelling wil Fletcher sy standpunt oor die verhouding tussen die Wet en die liefde weergee. Ondubbelsinnig stel Fletcher (1978, p. 69) dit dat die wet van die liefde die Wet vervang. "Christian situation ethics reduces law from a statutory system of rules to the love canon alone". As voorbeeld gebruik Fletcher (1978, p. 69) Jesus en Paulus en sê: "Jesus and Paul replaced the precepts of Torah with the living principle of agapé - agapé being goodwill at work in partnership with reason". Volgens Fletcher (1987, p. 69) het Jesus en Paulus hulle weggekeer van die letter wat doodmaak, na die gees wat lewend maak.

Vir Fletcher staan Wet en liefde dus teenoor mekaar, omdat daar slegs een Wet is vir die situasie-etiek, naamlik die liefde. Dit blyk duidelik uit Fletcher (1978, p. 71; 1978, p. 74) se uitsprake.

"There can be and often is a conflict between love and law. They cannot be partners; at best love only employs law when it seems worthwhile".

"We would be better advised and better off to drop the legalist's love of law, and accept only the law of love".

Van hierdie liefde sê hy (1967, p. 17): It does not share its power with other kinds of law".

3. Eie kursivering.

Nadat Fletcher (1978, p. 74) skerp kritiek uitgespreek het oor die gesag van die Tien Gebooie, en vra vir 'n herinterpretasie (Van Rensburg, 19? , p. 67), kom hy tot die konklusie: "But situation ethichs has good reason to hold it as a duty in some situations to breaks them, any or all of them. We would be better advised and better off to drop the legalist's love of law, and accept only the law of love".

Fletcher (1978, p. 78) sê naas die liefde is ander beginsels en reëls slegs deugde. "What it does is to treat all rules and principles and 'virtues' (that is to say, all 'universals') as love's servants and subordinates, to be quickly kicked out of the house if they forget their place and try to take over".

Verder sluit hy (1978, p. 79) aan by Augustinus wat gesê het: "Dilige et quod vis, fac" (Love with care and then what you will, do). Fletcher (1978, p. 79) beweer dat hierdie agapé liefde wat onderskei kan word van die vriendskapsliefde (philia) en die romantiese liefde (erôs), nie 'n begeerte is nie, maar 'n gewende liefde, 'n "Christelike liefde", wat gedrag inhou.

Vandaar verwelkom die situasioniste (1978, p. 79) ook die Duitse benadering met die naam "Gesinnungs-ethik". So word die liefde dan geassosieer met die daad.

Skerp staan dit vir Fletcher (1978, p. 85) uit dat die liefde die absolute norm is: "The plain fact is that love is an imperious law unto itself. It will not share its power. It will not share its authority with any other laws, either natural or supernatural". Fletcher (1978, p. 86) glo dat ook Jesus voorstander van slegs die liefde as wet was.

Heyns (1987, p. 23) sê hiervan: " Ons sou hier met reg van 'n liefdes-dositisme kon praat aangesien die

mens steeds op weg is van 'n liefde van eie keuse na 'n liefde van eie gestalte. Die opdrag of wet van die liefde word aanbeveel, maar die etiek, die praktiese uitlewing daarvan, word nie beskryf nie. Daarenteen spel die Wet die liefde uit vir die praktiese lewe".

5.5 Liefde en geregtigheid is sinoniem

Fletcher (1978, p. 87) sê: "Love and justice are the same, for justice is love distributed, nothing else", en hy (1978, p. 89) meen dat die dit nie van mekaar geskei kan word nie.

Volgens Fletcher (1978, p. 91) sluit liefde en geregtigheid mekaar ook nooit uit nie: "How can you love him if you are unjust to him? Even if we accept the separation of the two which we don't, surely 'love' would start by being just as the very least it could be".

Van Rensburg (1978, p. 68) gaan selfs sover as om te beweer dat Fletcher liefde met geregtigheid identifiseer. Volgens uitsprake van Fletcher (1967, p. 19).

Uit hierdie beginsel wat Fletcher stel, blyk 'n baie belangrike aspek van sy siening van die liefde. Die liefde waarvoor Fletcher hom beywer is nie emosionele opwelling nie, maar 'n liefde wat logies en saaklik beredeneer is om vir die meeste mense op die lang duur tot voordeel te wees. Daarom dan die volgende uitsprake van Fletcher (1967, p. 19; 1967, p. 57)

"Justice is Christian love using its head - calculating its duties"

"Every time we think 'love' we should say 'justice'. For justice has not been hopelessly sentimentalized, or romanticized, or individualized".

Dit gaan vir Fletcher (1978, p. 99- 102) dan nie hier om wetsgeregtigheid nie, maar etiese geregtigheid .

Soos gewoonlik gee Fletcher ook hier ondersteunende voorbeelde. Hy sê: gestel 'n werkgewer sou 'n siek werknemer afdank, omdat sy siekte groter druk uitoefen op die ander personeel en die produksie vertraag word, sou dit geregverdig wees, want dit is in belang van die meerderheid. Dit gaan dus hier om die utilitaristiese beginsel van "die beste vir die meest" (De Bruyn 1978, p. 31). Fletcher pas die beginsel egter so bietjie aan by sy etiek en hy sê geloof gee aan die liefde sy waardebeginsel. De Bruyn (1978, p. 32) sê: "hy verwerp die utilitarisme se hedonistiese evaluering, maar gebruik net sy prosedure-beginsel, dit wil sê, sy metode". As voorbeeld verwys Fletcher hier na Maria wat Jesus se voete gesalf het en dit gaan dan om 'n voortvarende emosionele liefde en 'n berekende liefde. Fletcher (1978, p. 97) meen dat Jesus verkeerd was. Geregtigheid moet dus geskied teenoor die meeste mense in die situasie. Hierop staan Fletcher (1978, p. 88) baie sterk.

Dit blyk egter verder dat daar by die liefde en geregtigheid ook nog verantwoordelikheid en versigtheid moet kom, want die keuse moet verantwoordelik gedoen word. Dit lig Fletcher (1978, p. 97) toe aan die hand van 'n voorbeeld. Daar is net genoeg bloed van 'n sekere bloedgroep om een mens te kan help, maar die geneesheer moet kies tussen 'n dronkaard en 'n moeder van drie kindertjies. Die liefdesdaad van geregtigheid sal verantwoordelik wees as die moeder gekies word. Weereens is die gedagte van humanisme by Fletcher teenwoordig. Uit die volgende stelling van Fletcher sal dit nog meer blyk hoe humanisties georiënteerd die liefde is wat hy voorstaan.

5.6 Liefde het die welsyn van die naaste ten doel, ongeag of jy van hom hou of nie

Ook uit hierdie opvatting van Fletcher blyk dit duidel-

lik dat nie die liefde tot God nie, maar die liefde tot die naaste die eerste en groot gebod is. Fletcher (1978, p. 104) sê: "Agapé's desire is to satisfy the neighbor's need, not one's own, but the main thing about it is that agapé love precedes all desire, of any kind. It is not all an emotional norm or motive. It is volitional, conative. The ethic of agapé is a Gesinnungs-ethik, an attitudinal ethic". Maar die wil van die mens is ook ten nouste hierby betrokke (Fletcher, 1967, p. 20).

Baie duidelik sê Fletcher (1978, p. 105) dat liefde tot die naaste nie net 'n emosie of gevoel is nie, maar 'n doelbewuste handeling. Daarom is dit moontlik om wel teenoor die naaste liefde te bewys, alhoewel jy nie van hom hou nie. "there can be no command, no obligation, no duty, to love if love is affection, as it most assuredly is in friendship love (philia). Genuine emotion - what psychologists call 'affect' to mark it off like water from a faucet, simply by an act of will or willing abedience to a command to a command. But the works of will, of love, can !"

Fletcher (1978, p. 105-107; 1967, p. 20-21) sê dit is huigelig om te beweer dat 'n mens van alle mense hou; maar 'n mens kan wel agapé-liefde aan alle mense bewys. Erós kan nie willekeuring beveel word nie, maar agapé wel en dit verklaar waarom die Christen alle mense kan liefhê, sonder enige voorbehoud. Dit gaan nie oor 'n gevoel nie, maar 'n doelbewuste willekeurige daad. Die naaste is ook enigiemand (Fletcher, 1978, p. 107).

'n Ander baie belangrike aspek van Fletcher se liefdesbeskouing is selfliefde. Hierdie selfliefde is egter net toelaatbaar wanneer dit tot heil van die naaste is. "But if the self is ever considered, it will be for the neighbour's sake, not for the self's" (Fletcher,

1978, p. 110). Dan maak Fletcher 'n baie snaakse opmerking wat amper teenstrydig is met sy denkrigting, want hy (1978, p. 113) sê, wanneer daar tussen self=liefde en naasteliefde gekies moet word, moet die self=liefde gekies word, met die voorbehoud dat die meeste mense so gedien sal word. "The self is to be served rather than any neighbour if many neighbours are served through serving the self" (Fletcher, 1978, p. 113). As voorbeelde noem Fletcher (1978, p. 110 - 114) die kaptein van 'n skip of die loods van 'n vliegtuig.

Volgens Montgomery (Fletcher, 1972, p. 40) gee Fletcher op sekere vrae nie voldoende antwoord nie. Wie is my naaste? Hoe bewerk ek die goeie vir die naaste? Maar Fletcher kom ook in stryd met homself en dit blyk duidelik uit sy siening oor aborsie - hy is daarvan 'n ondubbelsinnige voorstander. Hy (1978, p. 39) sê geen onbeplande of ongebeerde kind moet gebore word nie. Maar hierdie kind is tog ook jou naaste?

Fletcher is duidelik die voorstander, van 'n baie willekeurige liefde.

5.7 Die doel heilig die middele

Hierdie stelling van Fletcher is ook ten nouste aan die liefde verbind, omdat die doel om die liefde gaan wat teenoor die meeste, die naaste bewys moet word.

Fletcher (1978, p. 121) beweer: "Every action without exception is haphazard if it is without an end to serve: it only acquires its status as a means, i.e., it only becomes meaningful by virtue of an end beyond itself ... If any course of action it is the coexistence of its means and ends that puts it in the realm of ethics". So gaan Fletcher direk in teen dit waaraan die Christelike etiek vir eeue vasgehou het. Hy (1978, p. 120) sê as die doel nie die middele heilig nie, sal niks

anders dit doen nie.

Fletcher gryp hier terug na Paulus. Wat Rom 3: 7,8¹ betref, ondervind hy probleme en hy probeer 'n aan= gepaste verduideliking van die teks gee. Hy (1978, p. 122) sê: "The classical moralists and pious populari= zers have tried, usually out of context to absolutize and magnify Paul's remark in Rom. 3: 8 We say 'magnify' because the remark was made in the heat of controversy with the antinomians, who were using human weakness and imperfection as a reason for doing what they pleased, undisciplined".

Fletcher (1978, p. 122) wys MacGreagor se standpunt oor die teks af en sê: "But the real error in it, by which all of them are victimized (Paul, the antinomians, and MacGregor), is the intrinsic theory under which, logically a thing is either good or evil. But good and evil are not properties, they are predicates or at= tributes. And therefore what is sometimes good may at other times be evil, and what is sometimes wrong may sometimes be right when it serves a good enough end - depending on the situation".

'n Ander uitspraak van Paulus waaraan Fletcher baie waar= de het, is I Kor. 6: 12 en 10:23: " Alles is my geoor= loof, maar nie alles is nuttig nie". Hiervolgens sê Fletcher (1978, p. 125; 1967, p. 22) dat wanneer iets wettig is, dit nog nie noodwendig goed is nie, maar

1. "Maar as die waarheid deur my leuen oorvloedig geword het tot sy heerlikheid, waarom word ek dan nog as 'n sondaar geoordeel ? En moet ons nie liewer sê nie, soos ons belaster word en soos sommige beweer dat ons sê: Laat ons kwaad doen, sodat die goeie daaruit kan voortkom ? Hulle veroordeling is regverdig".

niks anders as die liefde kan dit wettig maak nie. As die doel die middele heilig en slegs liefde maak 'n daad goed, beteken dit dat elke daad wat liefde ten doel het, goed is (Fletcher, 1978, p. 129).

Fletcher verwerp die opvatting dat optrede in 'n situasie volgens vier faktore gemeet moet word, naamlik doel, motief, middele en gevolg. As daad uit liefde geskied met 'n goeie doel voor oë, kan een of meer van die faktore weggelaat word. "There is only one end, one goal, one purpose which is not relative and contingent, always an end in itself. Love. (Fletcher, 1978, p. 127 - 129). Daarom kan leuens, diefstal, moord, buite-egtelike geslagsgemeenskap ens. goed en reg wees as die liefde daardeur gedien word (Fletcher 1978, p. 125; 1972, p. 26 - 27).

Baie skerp is De Bruyn (1978, p. 41) se kritiek op Fletcher rakende hierdie saak: "Selfs al verseker Fletcher ons dat hy die waarheid praat en werklik bedoel wat hy van die situasie-etiek sê, ja selfs al sweer hy 'n eed, hoef ons hom nog nie ernstig te neem nie, want op grond van sy neergelegde stellings vir die etiek, is dit moontlik dat hy ook dan nog besig is om te lieg. Hy het miskien iets anders wat 'goed' is voor oë en daarom kan hy lieg en vals sweer om sy doel te bereik, want die doel heilig die middele".

5.8 Liefde se beslissing word volgens die situasie gemaak en nie volgens voorskrifte nie

Fletcher (1978, p. 134) meen dat die mens van vooraf bepaalde wette en reëls hou omdat hulle so veilig voel en hulle hulleself nie vertrou nie. Hierteenoor sê Fletcher (1978, p. 135) is die situasionis 'n vry mens wie se etiese lewe 'n "avontuur" is.

Fletcher (1978 p. 139) beweer dat Jesus ook 'n voor=

stander was van 'n benadering vanuit die situasie sê ook dat Jesus geen seksuele riglyne gegee het nie en dan kom hy (1978, p. 139) tot die konklusie: "Whether any form of sex (hetero, homo or auto) is good or evil depends on whether love is fully served".

Fletcher meen liefde is die antwoord in elke situasie want, sê hy (1978, p. 142), "...by love we live in the present. Legalism is wrong because it tries to push love back into the past, into old decisions already made". Dit beteken dus dat besluite in die situasie geneem word op grond van omstandighede en die liefde en nie op grond van voorskrifte uit die verlede nie.

Dit is duidelik dat dit hier gaan om die mens wat in elke situasie self oor die liefde besluit. So word die gesag van die Skrif opsy geskuif. Fletcher (1978, p. 145) gaan verder: "For although law may sometimes be the matter of love, there are other times when law denies love and destroys it. The care difference, however, is that loves decisions are made situationally not prescriptively".

Teen Fletcher en die nuwe vloedgolf van relatiwisme stel Montgomery (Fletcher, 1972, p. 40) : "The alleged demon of explicit code ethics is exorcised by the new morality, only to return with seven of his friends - the devils of implicit, 'self-evident' principles - and the last state of morality is considerably worse than the first".

5.9 Christelike liefde

Fletcher meen (1978, p. 155) dat liefde nie net by Christene die motief vir 'n daad kan wees nie, maar ook by nie-Christene en selfs ateïste. Die Christene het

hoegenaamd nie 'n monopolie op die liefde of die Heilige Gees nie. "But love itself is not peculiar to Christians ! Many non-Christians 'have' it and do it and 'conduct' it, more fully than many Christians".

Fletcher (1978, p. 155) onderskei dié liefde as Christelike liefde en sien die besondere kenmerk so: ".... the Christian's love is a responsive love. Christian love is the love of gratitude, of thanks giving to God for what he has done for us, for mankind, especially in the life, death, and resurrection of Jesus Christ".

Maar Fletcher (1978, p. 156) gee tog ook aan die geloof 'n plek by die Christelike liefde: "From this faith follows gratitude, a loving response to God's love, i.e., agapé. It is this eucharistic quality which is unique, nothing else".².

Maar nie net dankbaarheid en geloof is kenmerkend van die Christelike liefde nie, maar ook Christus self (Fletcher, 1978, p. 157). "In the Christian love ethic we do not seek to understand Christ in terms of love antecedently conceived; We understand love in terms of Jesus Christ". Verder: "Obedience to the love commandment is not a question of salvation but of vocation".

5.10 Samevatting

Die plek van die liefde in die situasie-etiek van Fletcher kan soos volg saamgevat word:

1. Die liefde waarom dit hier gaan, is die Christelike agapé-liefde.
2. Die liefde is die kompas wat die mens lei om sy

2. Eie kursivering.

- optrede vir elke situasie te bepaal.
3. Slegs die liefde het waarde op sigself en dit kom tot uitdrukking in dade.
 4. Liefde is 'n vervanging en selfs teenpool van die Wet.
 5. Geregtigheid en liefde gaan hand aan hand, want geregtigheid is verspreide liefde.
 6. Die liefde is veral gerig op die welsyn van die naaste en nie soseer die eer van God nie.
 7. Die goeie doel met die liefde as motief heilig alle middele - selfs oortreding van die Tien Gebooie !
 8. Liefde is situasiebepaald en nie gebonde aan voorafbepaalde reëls en wette nie.
 9. Fletcher ken tog ook 'n plek toe aan geloof, dankbaarheid en Christus self, as eienskappe van die Christelike liefde.

6. SAMEVATTENDE BEOORDELING

6.1 Inleiding

Fletcher gebruik vir sy etiek die benaminge "*situasie-etiek*" sowel as "*Nuwe moraal*", maar dit blyk dat hy voorkeur gee aan die beter benaming "*situasie-etiek*". Die benaming "*Nuwe moraal*" kan misleidend wees. Dit gaan egter in die situasie-etiek nie net om die situasie soos uit die benaming afgelei kan word nie, maar ook onder andere oor aspekte soos die liefde (vgl. pt. 2.1). Heelwat ander benaminge word ook nog aan die etiek gegee soos in hoofstuk twee vermeld.

6.2 Situasie-etiek is 'n potpourri !

Wanneer 'n mens die ontstaan en ontwikkeling van die situasie-etiek in oënskou neem, kan 'n mens nie anders nie as om op te merk dat dit hier gaan om 'n mengelmoes van gedagtes, invloede, strominge ens. (vgl. pt. 2.2). Dit wil veral lyk (alhoewel situasie-etiek 'n godsdienstige ontstaan het) asof die verskillende filosofiese denkrigtings (vgl. pt. 2.2.1.1 en 2.2.1.2) bygedra het tot die totstandkoming van die situasie-etiek.

Hierdie mengelmoes etiek van die twintigste eeu toon duidelik dat die invloed van die ou Grieke soos Protagoras en die Skolastiek nog nie verbreek is nie.

As 'n mens egter wou saamvat wat die grootste dwaling van die situasie-etiek is, sou 'n mens kon sê dat dit deur en deur humanisties (vgl. pt. 2.1.4) georiënteerd is. Dit is die goeie mens met sy wonderlike rede wat self sonder God in die situasie 'n keuse doen. Teenoor die teonomie word die outonomie gestel.

Maar die situasie-etiek wat deur Fletcher as 'n Christelike etiek gepropageer word, toon ook in sekere opsigte

sterk eksistensialistiese (vgl pt. 2.2.1.6) trekke. By die situasie-etiek gaan dit om die mens wat hier en nou in die situasie sy keuse moet doen sonder wette uit die verlede om op te leun.

Fletcher (vgl. pt. 2.2.1.7) self erken dat sy etiek gebou is volgens vier beginsels, naamlik pragmatisme, relativisme, positivisme en personalisme (vgl. p. 2.2.1.7 - 2.2.1.10).

As 'n mens nou al hierdie strominge se invloed in die situasie-etiek moet saamvat, sou 'n mens dit kan saamvat met die woord "outonomie" - die mens is self wetgewer. Dit is net ondenkbaar dat Fletcher deel kan hê aan al hierdie strominge en homself nog kan beskou as 'n Christen - want om 'n Christen te wees, beteken dan juis om jou afhanklikheid van God te besef.

Fletcher en die situasie-etiek kon skynbaar ook nie loskom van die sekularisme (vgl. pt. 2.3.1) nie, want God, godsdiens en die wette van God is nie meer nodig vir die mens nie. 'n Mens sou byna kon sê dat dit hier om 'n gesekulariseerde etiek gaan !

Onder invloed van die neiging tot wegverklaring van die metafisiese (vgl. pt. 2.3) en die ontmitologiseringsgedagte van Bultmann (vgl pt. 2.3.4) kom Fletcher daartoe om sekere dele van die Bybel se gesag in twyfel te trek.

Fletcher ontken nie die bestaan van God nie, maar wanneer dit by die praktiese lewe kom, lyk dit asof God geen segenskap het oor die lewe van die mens nie. So gesien kan 'n mens dan inderdaad sê dat die situasie-etiek 'n God-is-dood (vgl. pt.2.3.3) etiek is.

Van hierdie potpourri etiek is Joseph Fletcher seker die grootste navolger (vgl. pt. 2.3). Hoe jammer dat iemand

met sy vermoëns en gawes probeer om kompromie met die wêreld aan te gaan deur middel van 'n gesekulariseerde mensgerigte etiek. Dit blyk dat veral sy boek "*Situation ethics*" die hoofbron is vir die inhoud van sy situasie-etiek.

6.3 Skrifaanpassing en inlegkunde

Dit blyk uit die voorafgaande hoofstukke dat Fletcher met 'n klaar voorafvervaardigde etiek na die Skrif gaan en dan die Skrif daarby wil aanpas. Daar is veral twee opvattinge van Fletcher, rakende sy Skrifbeskouing, wat uit kristalliseer:

- 1) Jesus het in verset gekom teen die wet van Moses (vgl. 3.1.2.3).
- 2) Die Bybel is nie 'n getroue weergawe van die werklike lewe en leringe van Jesus nie, maar daar is later bygevoeg. Daarom mag niks letterlik opgeneem word nie, maar daar moet gesoek word na die eintlike betekenis - ook omdat die evangelieskrywers alles legalisties geformuleer het- (vgl pt 3.1.1.2)

Dit is dus duidelik dat Fletcher grotendeels die gesag van die Skrif in twyfel trek. Dit is glad nie in ooreenstemming met die volgende Skrifgedeeltes nie:

- 2 Tim. 3:16: "Die hele Skrif is deur God ingegee
- Joh. 14: 26: "Die Heilige Gees sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het".
- 2 Pet. 1: 21: "...want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek".

Wanneer Fletcher sê dat Jesus in verset gekom het teen die Wet, gee hy 'n eiewillige interpretasie van die Skrif,

want Jesus het nie teen die wet as sodanig in verset gekom nie, maar teen die Skrifgeleerdes en die Fari=seërs wat die Wet in kleiner wette opgedeel het, sodat daar vir haas alles 'n wet was (vgl. Matt. 5: 17, 18; Matt. 23).

6.4 Sonder God

Dit lyk asof daar by Fletcher (1972, p. 55) 'n gebrek aan eerbied vir God is, daarom kan hy van Jesus sê dat hy nie meer filosofiese verfyndheid as 'n marmotjie het nie !

Dit gaan ook nie vir Fletcher om die eer van God nie, maar om die belang van die naaste. Daarom laat Fletcher geen ruimte vir die wil van God in die lewe van die mens nie.

Die gedagte van die wegverklaring van die metafisiese slaan ook hier deur wanner die mens geen wette van buite, gegee deur God in sy lewe, aanvaar nie.

In die praktyk beteken dit dat hierdie etiek eintlik Godloos is, want nêrens gaan dit om die wil van God nie, maar dit gaan eerder om die naasteliefde as die liefde teenoor God.

6.5 Die situasie

Dit is een goeie punt van die situasie-etiek, die feit dat daar weer 'n slag na die situasie (vgl pt. 4.2.3.2) gekyk word. Maar Van Rensburg (1972, p. 22) sê: "Aan die situasie waarin die mens verkeer word so 'n oordre=we waarde geheg dat dit nie anders kan as om te lei tot subjektiwisme en wanorde nie".

Fletcher noem die moment van beslissing in die situasie

die kairos en hierdie kairos is so magtig dat dit selfs reëls en beginsels kan verander (Fletcher, 1978, p. 29).

So kan dan van die mens verwag word om 'n leuen te vertel in 'n sekere situasie en dan mag dit so goed wees.

Die Skrif staan glad nie vreemd teenoor die situasie by die maak van etiese beslissings nie (Deut. 19) maar sekerlik mag die situasie nie verabsoluteer word soos wat dit die geval is by die situasie-etiek nie.

6.6 Geen wette en beginsels nie - slegs wyskede

Alle ander reëls en wette, buiten die liefdeswet, word deur Fletcher beskou as 'sophia' of wyskede wat slegs as "verligters" in 'n situasie kan optree, maar geen normatiewe betekenis het nie.

Hierteenoor moet dit duidelik gestel word dat die afsonderlike geboorte van die wet net soveel gesag dra as die samevatting van die wet en daarom ook normatief is.

6.7 Die rede verabsoluteer

Die rede (vgl pt. 4.2.3.4) of verstand is vir Fletcher (1978, p. 26) die middel waardeur die mens etiese besluite neem en daarom word van die wet verwag om 'n ondergeskikte posisie in te neem naas die liefde en rede in die situasie.

Wat Fletcher uit die oog verloor, is dat die mens nog in 'n sondige bedeling leef en dat sy rede nie onfeilbaar is nie. Daarom is hierdie subjektivisme 'n wesenlike gevaar wat kan uitloop op rasionalisme. Die waarde van die menslike rede word deur Fletcher hopeloos oorskat, want selfs die rede moet nog onder die wil van

God staan.

6.8 Die Wet in die etiek

Dit wil lyk asof die Wet 'n spreekwoordelike vlieg in die self is vir Fletcher se situasie-etiek. Hy sien dan ook teenstrydighede tussen Wet en vryheid, (vgl pt. 3.1.2.5) Wet en liefde (vgl pt. 3.2.2.2) en Wet en Evangelie (vgl. pt. 3.1.2.4)

Vir Fletcher vorm die liefde en die Wet verkeerdelik anti-pole terwyl die Wet nie die liefde "ophef" nie, maar dit "verbind", "vervul", en "saamvat" (Van Rensburg, (19 ? , p. 94) (Vgl. Matt. 5: 17-18).

Fletcher beskou vryheid van wette as noodsaaklik vir die mens om besluite in 'n situasie te kan neem. Hierdie vryheid wat Fletcher voorstaan, toon tekens van libertinisme (Van Rensburg, 19 ? , p. 110).

Wet en Evangelie is ook geen teenstrydighede soos wat die voorstanders van die situasie-etiek wil beweer nie, maar dit hou juis ten nouste verband as "mede-aanvullende groothede" (Van Rensburg, 19 ? , p. 93). Hy wat die Evangelie het, kan nie sonder die Wet wees nie.

6.9 Naasteliefde is primêr

Liefde is wel volgens die Skrif "die eerste en groot gebod" (Matt. 22: 38) maar liefde kan verskillend geïnterpreteer word. Alhoewel Fletcher sê dat dit hier om die agapê - liefde (vgl. pt. 5.2) gaan, sluip daar sekere dwalinge in, want hy horisontaliseer die liefde tot medemenslikheid, veral dan gerig op die naaste en glad nie op God nie. Daarby is liefde duidelik volgens die Skrif glad nie die hoogste goed of "summum bonum" (Fletcher, 1972, p. 17) nie, maar die eer van God, (Openb. 4:9-11;

Rom. 11: 36). So stel Fletcher dan die liefde tot die naaste primêr en die liefde tot God sekondêr.

Dit is net logies dat 'n mens dan konflik mag kry tussen die liefde tot God en die liefde tot die naaste, want liefde tot God vereis dat daar gehandel moet word volgens die wil van God. Vir Fletcher gaan dit egter nie om die wil van God nie, maar om die belange van mense.

Wanneer Fletcher sê dat liefde en geregtigheid identies is, gaan dit om die nugtere en saaklike beredenering van die verstand en is daar geen ruimte vir emosionele opwelling nie. Montgomery (1972p. 38) lewer ook kritiek op hierdie idee van Fletcher: "This identification of justice with love is in fact a colossal example of what contemporary philosophy terms the 'category mistake' - the confusion of categories".

Fletcher sê dat die mens sy naaste moet liefhê ongeag of hy van hom hou. Dit is waar. Maar wie is nou die naaste en hoe doen ek goed aan die naaste? Fletcher gee voorbeelde waarin heeltemal onskriftuurlik gehandel word, soos byvoorbeeld die goedpraat van aborsie. Is die kind nie ook 'n naaste nie?

6.10 Antinomianisme

Fletcher beweer dat sy situasie-etiek die gebalanseerde is tussen die uiterstes van legalisme en antinomianisme. Onder legalisme klassifiseer hy dan die Protestante en Rooms-Katolieke, wat foutief is, aangesien legalisme vir elke ding 'n wet het, terwyl dit nie hier die geval is nie.

Fletcher se houding spreek deurgaans van antinomianisme (alhoewel hy homself nie as antinomianisties beskou nie) deurdat hy alle wette verwerp, behalwe die liefde.

6.11 Is situasie-etiek Christelik ?

Fletcher beweer baie dinge; hy sê baie waar en mooi dinge, maar is daar Skriftuurlik gesien enige meriete vir die situasie-etiek ? In alle eerlikheid is die antwoord *néé* en samevattend kan dit as volg geformuleer word.

1. Etiek kan nie Christelik wees as dit die kenbron van die sonde, naamlik die Wet van God verwerp nie.
2. Etiek kan nie Christelik wees wanneer outonomie in die plek van teonomie kom nie.
3. Christelike etiek sien die hoogste goed as eer aan God en nie liefde nie.
4. Nog altyd was Christelike etiek Skrifgefundeerd, maar die situasie-etiek trek selfs die gesag van die Skrif in twyfel.
5. Christelike etiek sien ook die situasie as ondergeskik aan die wil van God.

Hoe onaanvaarbaar hierdie etiek vir die Christen is, blyk uit die volgende uitsprake:

Montgomery (Fletcher, 1972, p. 36-37): "But it is manifestly clear that Professor Fletcher's understanding of love and morality does not derive from the Bible in general or from Jesus' ministry in particular ... Moreover, his acceptance of radical techniques of New Testament criticism removes any real possibility of his identifying the ethic of Jesus; were he to take the entire New Testament picture seriously, he would find - as any number of his critics have shown - that the New Testament, no less than the Old, insists on absolute moral standards".

Van Rensburg (19 , p. 122): "Daarom sal die moderne mens met sy nuwe etiese denke weer teruggebring moet word na die verkwikkende en onfeilbare bron van

Gods Woord, wat vastigheid gee aan wankelendes, te midde van 'n wêreld van wisseling en onsekerheid. Alleen die suiwere Skrifwoord, vry van sekularistiese interpretasie of modernistiese Skrifkritiek, kan die mens wêreld bring by die begin van 'n nuwe sedelike lewe: Jesus Christus, die Vervuller van die wet en die profete".

Heyns (1981, p. 24): "Ofskoon die term "situasie-etiek" nie sonder meer afgewys kan word nie - aangesien alle etiese beslissings inderdaad in die konkrete situasie van die mens se lewe voltrek word - is dit tog wel duidelik dat 'n situasie-etiek wat só uitgebou word, nooit aan die eise van die Skrif kan voldoen nie".

BIBLIOGRAFIE

1. Barczay, G. 1967. Revolution der Moral ? Zürich: Zwingli. 280 p.
2. Barr, S.O. 1969. The Christian new morality: a biblical Study of situation ethics. New York: Oxford University Press. 118 p.
3. Bockmühl, K. 1972. Revolution der Ethik und Ethik der Revolution zur Auseinandersetzung um die 'Neue Moral'. Basel, Brunner. 28 p.
4. Bonhoeffer, D. 1955. Ethics. London: SCM Press. 342 p.
5. Bonhoeffer, D. 1966. Letters and papers from prison. 7th printing. New York: Macmillan 254 p.
6. Bonhoeffer, D. 1968. Verzet en ouergawe. Amsterdam:
7. Brillenburg Wurth, G. 1953. Het Christelijk leven. 2e dr. Kampen: Kok. 296 p.
8. Brunner, E. 1937. The divine imperative: a study in Christian ethics. S.I: Lutterworth Press. 728 p.
9. Brunner, E. 1957. Faith, hope and love. S.I.: Lutterworth Press.
10. Bultmann, R. 1955. Essays: philosophical and theological. London: SCM Press, 337 p.
11. Bultmann, R. 1958. Christ and mythology. New York: Scribner. 96 p.

12. Die Bybel 1971, Afrikaanse naslaan uitgawe. Kaapstad. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 290 p.
13. Cronin, M. 1917 - 20. The science of ethics Dublin: Gill. 2 v.
14. De Bruyn, P.J. 19 ? Joseph Fletcher se beskouings oor situasie-etiek. Potchefstroom: s.n. 53 p.
15. Dictionary of the history of ideas. 1973. New York: Scribner. 4 v.
16. De Graaf, J. 1961. De ethiek van het immoralisme. Nijkerk: Callenbach. 64 p.
17. De Vos, H. 1972. Inleiding tot de ethiek. Nijkerk: Callenbach. 205 p.
18. Duvenhage, B. 19 ? Veranderde norme of 'n pleidooi vir 'n Christelike deontologie. In: Besinning en Uitsig.
19. Duvenhage, B. 19? Is die Nuwe Moraal rewolusionêr ? In Bulletin / S.A.V.C.W. 15: 191 - 197.
20. Fagothey, A. 1972. Right and reason. 5th ed. Saint Louis: Mosby. 453 p.
21. Fletcher, J.F. 1963. William Temple: Twentieth century Christian. New York: Seabury. 372 p.
22. Fletcher, J.F. 1967. Moral responsibility: Situation ethics at work. London: SCM Press. 256 p.
23. Fletcher, J.F. 1972. Situation ethics: true or false. Minneapolis: Dimension Books. 90 p.

24. Fletcher, J.F. 1978. Situation ethics. 6th impression. London: SCM Press. 176 p.
25. Geisler, N.L. 1976. Ethics: alternatives and issues. Grand Rapids: Zondervan. 270 p.
26. Greek philosophy: Thales to Aristotle. Editor: R.E. Allen. 1966. New York: Free Press. 389 p.
27. Grosheide, F.W. Commentaar op het Nieuwe Testament: Mattheüs. Kampen: Kok.
28. Habgood, J. 1980. A working faith. London: Darton, Longman & Todd. 193 p.
29. Hasel, G. 1978. New Testament theology: basic issues in the current debate. Grand Rapids: Eerdmans 176 p.
30. Heering, H.J. 1977. Ethiek der voorlopigheid. Nijkerk: Callenbach. 128 p.
31. Heyns, J.A. 1966. Evangelie in die krisis. Kaapstad: Tafelberg. 140 p.
32. Heyns, J.A. 1974. Die mens: Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge. Bloemfontein: Sacum. 180 p.
33. Heyns, J.A. 1981. Liefde en situasie-etiek. In: Universiteit van Pretoria. Teologiese Fakulteit. Nederduitse Gereformeerde Kerk. Skrif en Kerk. Jrg. 2, no. 1, 1981: 15 - 29.
34. Hudson, W.D. 1970. Modern moral philosophy. London: Macmillan. 370 p.

35. Kainer, G. 1977. Faith, hope and clarity: a look at situation ethics and biblical ethics. S.I.: s.n. 144 p.
36. Kitshoff, M.C. 1969. Die nuwe moraal. In: Kerkbode 104 (27): 934 - 935, 945. 31 Des. 1969; 105(1): 9, 10, 28 & Jan. 1970; 105 (2): 42, 43, 60 14 Jan. 1970.
37. Lehmann, P.L. 1963. Ethcis in Christian context. New York: Harper & Row, 384 p.
38. Long, E. le R. 1967. A survey of Christian ethics. London: Oxford University Press. 342 p.
39. Lunn, A. en Lean, G. 1967. The new morality. Revised, enlarged and up-to-date ed. London: Blandford Press. 201 p.
40. Luther, E.W. 1972. The morality gap: an evangelical response to situation ethics. Chicago: Moody Press. 125 p.
41. Richtveld, B. The new morality. In: Gereformeerd Theologisch Tijdschrift. 65, 1965.
42. Ridderbos, H.N. 1959. Commentaar op het Nieuwe Testament: Aan de Romeinen. Kampen: Kok. 364 p.
43. Robinson, J.A.T. 1964. Verschuiving in de moraal. Amsterdam: Ten Have. 160 p.
44. Robinson, J.A.T. 1966. Christian morals today. London: SCM Press. 47 p.
45. Robinson, J.A.T. 1967. But that I cant believe. S.I. Fontana Books.

46. Robinson, J.A.T. 1970. Christian freedom in a permissive society. London: SCM Press.
47. Robinson, J.A.T. 1971. Honest to God. London: SCM Press. 143 p.
48. Schultze, L.F. 1968.

In: In die Skriflig. Jrg. 2, no. 6. Apr/Mei 1968: 1-
49. Thiclicke, H. 1958 - '59. Theologische Ethik. 2. Bd., 1. Teil. Tübingen: Mohr.
50. Tillich, P. 1953 - '57. Systematic theology. Digsweil Place: Nisbet. 2 v.
51. Tillich, P. 1954. Love, power and justice. London: Oxford University Press. 127 p.
52. Tillich, P. 1964. Morality and beyond. London: Routledge and Paul. 95 p.
53. Troost, A. 1958. Casuïstick en situatíe-ethiek: een methodologiese terreinverkenning. Utrecht: Livertas. 438 p.
54. Van Gyn, H. 1965. 'New Morality' en Christelike ethiek. In Kerk en Theologie. Deel 16. 1965: p. 235.
55. Van Rensburg, J.J. 19 ? 'n Teologies-etiese beoordeling van die situasie etiek. Stellenbosch. Universiteit van Stellenbosch. 137 p.
56. Van Rensburg, J.J. 1973. Die moderne etiek Skriftuurlik beoordeel. In: Kerkbode 111 (ii): 336 - 337, 348 14 Mrt.; 111 (12): 360-362 21 Maart 1973.

57. Van Hildebrand, D. 1457. Wahre Sittlichkeit und Situationsethik. Düsseldorf: Patmos. 194 p.